

## HOOFSTUK 2

### TERSAAKLIKE ASPEKTE VAN DIE BESONDERE KANONIEK VAN 2 PETRUS

Ten einde die kenmotief in 2 Petrus in sy historiese verband te bestudeer is dit noodsaaklik om op die volgende aspekte van die besondere kanoniek in te gaan: die literêre aard van die geskrif, die outeur van 2 Petrus, die geadresseerdes en hulle sosio-kulturele omstandighede, die valse leraars en spotters wat die skrywer bestry, 2 Petrus se verhouding tot ander geskrifte en die datum wanneer die geskrif ontstaan het.

Hierdie sake word in hierdie hoofstuk opeenvolgend ondersoek en ten slotte word die implikasies daarvan vir die bestudering van die kenmotief aangetoon.

#### 1. Die literêre aard van die geskrif

Uit navorsing wat reeds oor 2 Petrus gedoen is, blyk dit dat verskillende moontlikhede bestaan om die literêre aard van die geskrif te omskryf: 2 Petrus kan naamlik onder andere getipeer word as behorende tot die briefgenre, die testamentgenre, die koninklike en siviele dekreet en die Hellenisties-Joodse preekvorm.

##### 1.1 Die briefgenre

In 2 Petrus is daar verskeie aanduidings dat die geskrif tot die briefgenre behoort. Die sterkste aanduiding is dat die skrywer self in 3:2 die geskrif 'n brief (ἐπιστολήν) noem. Dit is verder duidelik dat die geskrif tot die briefgenre behoort op grond van die feit dat dit aan 'n spesifieke adres gerig is. Die skrywer identifiseer immers die geadresseerdes as mense wat "net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van ons God en Saligmaker, Jesus Christus" (1:1). Verder vermeld hy in hoofstuk 2 en 3 hulle spesifieke omstandighede, hy maak dit duidelik dat hulle reeds 'n brief van hom ontvang het (3:2) en hy gee te kenne dat hulle briewe van Paulus besit (3:2). Hierdie gegewens gee dus 'n aanduiding dat Petrus as 'n brief opgestel is.

##### 1.2 Die testamentgenre

Hoewel 2 Petrus, soos hierbo gestel, die kenmerke van 'n brief het, is daar aanduidings dat die brief ook tot die testamentgenre kan behoort.

Stauffer (1948:29-35) het reeds in 1948 die *Abschiedreden* as *Gattung* geïdentifiseer en beskryf. Daarna het heelwat studies daarvoor gevolg - studies deur onder andere Collins (1984ii:325-355), De Jonge (1991:155-163), Kolenkow (1975:57-71) en Kurz (1990:1-130). In die lig van studies wat oor die testamentgenre gedoen is, het onder andere Grundmann (1974:55-56), Kahmann (1980:80), Reicke (1982:146) en Talbert (1966:140) tot die oortuiging gekom dat 2 Petrus ook tot hierdie genre behoort.

Rabali (1992:123) verskil egter van hierdie standpunt. Volgens hom wys die gebruik van die woorde "herinner/herinnering" in die brief nie noodwendig daarop dat hierdie brief tot die testamentgenre behoort nie. Rabali is van mening dat die feit dat die skrywer na sy naderende dood verwys, nie noodwendig impliseer dat die skrywer van die testamentgenre gebruik gemaak het nie.

Uit 1:15 is dit egter duidelik dat die skrywer hom wel ten doel stel om 'n geestelike testament na te laat wanneer hy sê dat hy hom daarvoor beywer dat die lesers na sy dood, dié dinge waaraan hy hulle herinner, in gedagtenis sal hou. Hierdie doel wat die skrywer self benadruk, gekombineer met die feit dat hy uitdruklik vermeld dat hy weet sy dood is voor hande en die feit dat hy sy brief duidelik in die konteks van sy naderende dood plaas, toon dat die brief inderdaad tot die testamentgenre behoort.

Dit beteken egter nie dat 2 Petrus 'n afskeidsrede is nie. Dit moet steeds as *brief* beskou word, en wel as afskeidsbrief (vergelyk Kurz, 1990:9).

### 1.3 Die koninklike en siviele dekreet

Danker (1977:81-82 en 1978:64-82) stel dat die skrywer van 2 Petrus die brief in die vorm van 'n Hellenisties koninklike en siviele dekreet gestruktureer het. Hy glo dat die skrywer hierdie vorm gebruik het omdat dit vir sy Hellenistiese lesers 'n bekende literêre vorm was. Volgens hom kom die basiese patroon van 'n wisselwerking tussen die "weldoener" se ruimhartigheid en die "ontvanger" se dankbare reaksie ook in 2 Petrus voor (vergelyk veral 1:3-11). Bauckham (1983:174) toon egter aan dat daar nie werklike ooreenkomste tussen 2 Petrus en die koninklike en siviele dekrete bestaan nie en dat Danker se teorie nie oortuig nie.

### 1.4 Die homiletiese aard van 2 Petrus

In 'n studie wat Wills (1984:277-299) oor die homilie in die Hellenistiese Judaïsme gedoen het, kom hy tot die gevolgtrekking dat 2 Petrus soos Handeling 13:14-41, Hebreërs, 1 Klemens, 2 Korintiërs 6:14-7:1, 1 Korintiërs 10:1-14 en 1 Petrus dieselfde patroon weerspieël as wat in sulke homilieë gevolg is. Hierdie patroon bestaan uit 'n indikatiewe of

voorbeeldgedeelte (*exempla*), 'n gevolgtrekkingsgedeelte wat gebaseer is op die voorbeeldgedeelte, en 'n aanmoedigingsgedeelte.

Rabali (1992:127-133) ondersteun Wills ten opsigte van hierdie standpunt en poog om 'n volledige strukturele ontleding van die brief volgens hierdie patroon te doen.

Wills en Rabali toon egter nie oortuigend aan dat die skrywer hierdie preekvorm volg nie. Dit is byvoorbeeld moeilik om te verstaan waarom 1:5-9, soos deur Rabali voorgehou, as gevolgtrekking gesien moet word, terwyl die gedeelte uitdruklik 'n aanmoediging bevat wat gerig is op die lesers. Rabali (1992:130) se standpunt dat 1:12-3:10 uit 'n "series of exempla" bestaan, kan ook nie aanvaar word nie, aangesien hierdie gedeelte duidelik meer stof bevat as dit wat deur die skrywers as *exempla* geklassifiseer is. Binne hierdie gedeelte gee die skrywer verskeie opdragte aan die lesers (vergelyk byvoorbeeld 1:19-20 en 3:3, 8).

Baltzer (1971:173-175) toon in 'n studie oor *The Covenant formulary* aan dat daar in Joodse en in die vroeë Christelike literatuur 'n vaste homiletiese patroon voorgekom het. Volgens Baltzer se studie bestaan hierdie vaste patroon uit 'n historiese of teologiese gedeelte, 'n etiese aanmoedigingsgedeelte en 'n eskatologiese gedeelte. Baltzer het in sy studie egter nie die Nuwe Testament betrek nie.

Donfried (1974:43-48) volg hierdie studie van Baltzer op en toon aan dat hierdie vaste homiletiese patroon ook in die Nuwe Testament voorkom. Hy poog om aan te toon dat 2 Petrus volgens hierdie homiletiese patroon opgebou is. Volgens sy indeling moet 1:3-4 as 'n teologiese gedeelte beskou word en is 1:5-19 'n etiese aanmoedigingsgedeelte en 3:3-13 'n eskatologiese gedeelte. Hy bevind dat 1:20-3:2 nie tot die oorspronklike dokument behoort nie. Donfried oortuig egter nie. In die gedeelte 1:5-19, wat hy as etiese aanmoedigingsgedeelte aandui, kom 'n gedeelte voor wat as eskatologiese gedeelte geklassifiseer kan word, te wete 1:11.

Hoewel 2 Petrus nie in sy geheel volgens hierdie vaste homiletiese patroon gestruktureer is nie, blyk dit dat die skrywer die patroon, wat deur Baltzer aangedui is, wel in 1:3-11 volg (vergelyk Bauckham, 1983:173). 1:3-4 is 'n historiese of teologiese uiteensetting en dan volg 1:5-10 met etiese aanmoedigings gerig op die lesers. In 1:11 volg 'n eskatologiese gedeelte.

Daar kan dus aanvaar word dat die skrywer van 2 Petrus in die gedeelte 1:3-11 van die vaste homiletiese patroon wat in Joodse en in die vroeë Christelike literatuur voorkom, gebruik gemaak het.

## 2. Die outeur van 2 Petrus

In die aanhef van die brief stel die skrywer van 2 Petrus homself bekend as Συμεὼν Πέτρος δοῦλος καὶ ἀπόστολος Ἰησοῦ Χριστοῦ. In die brief beklemtoon hy verder dat hy die apostel Petrus is deur te verwys na sy teenwoordigheid by Jesus se verheerliking op die berg (1:16-18). Wanneer hy in 3:1 sê dat die skrywe wat hy tot hulle rig, reeds sy "tweede brief" aan hulle is, is dit moontlik dat hy onder hulle aandag wil bring dat hy dieselfde skrywer is as die een wat die brief van 1 Petrus tot hulle gerig het, te wete die apostel Petrus. (Die vraag of Petrus in 3:1 na 1 Petrus verwys, word in punt 3.2 beredeneer.)

Die skrywer beklemtoon verder sy apostoliese gesag deur homself te vereenselwig met die apostel Paulus wanneer hy Paulus "ons geliefde broeder" noem (3:15). Daar kan dus geen twyfel bestaan dat die skrywer homself aan sy lesers as die apostel Petrus bekendstel nie.

Ondanks die feit dat die skrywer so sterk beklemtoon dat hy die apostel Petrus is, was daar reeds in die tyd van die kerkvaders onsekerheid of die brief werklik deur die apostel geskryf is (sien Hiebert, 1989:2 ten opsigte van opmerkings deur Origenes, Eusebius en Hieronymus).

Ook moderne skrywers bevraagteken die outeurskap van Petrus. Paulsen (1992:93) sê byvoorbeeld: "Eine autentische Abfassung des Briefes durch Petrus ist wenig wahrscheinlich". Frankemölle (1990:81) stel dit nog sterker: "2 Petr ist eine konsequent durchdachte pseudepigraphische Schrift im Namen und in der Autorität des Petrus als Verfasser von 1 Petr". Ander hedendaagse skrywers wat aanvaar dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf is nie, is Fornberg (1977:11), Grundmann (1974:55-58), Kahmann (1983:14), Kelly (1969:235), Brown *et al.* (1973:155) en Schelkle (1988:179-181).

Hoewel die lys van skrywers wat nie aanvaar dat die brief deur die apostel geskryf is nie, indrukwekkend is, is daar tog ook skrywers wat dit wel aanvaar. Van Houweling (1988:298) kom in 'n ondersoek na die outentisiteit van 2 Petrus tot die volgende gevolgtrekking: "2 Petrus is een autentieke brief: de apostel Petrus is de auteur." Ander skrywers wat die outeurskap van Petrus verdedig het, is Bigg (1969:242-247), De Ru (1969-1970:1-12), Green (1977:5-37), Greijdanus (1929:205-218), Hiebert (1989:18-20) en Thiessen (1955:287-289).

Die belangrikste argumente wat aangevoer word deur persone wat Petrus se outeurskap óf aanvaar óf verwerp, word nou ondersoek. Daarna word tot gevolgtrekking gekom.

## 2.1 Die selfbekendstelling deur die skrywer

Soos reeds genoem, stel die skrywer homself uitdruklik as die apostel Petrus bekend. Die feit dat die skrywer sy identiteit so sterk op die voorgrond plaas, is egter deur baie eksegete as bewys aangevoer dat die brief nie deur Petrus geskryf is nie. Fornberg (1977:15) se standpunt weerspieël hierdie argument goed: "It is hardly likely that the historical Peter would go to

such lengths to prove that his account was based on his own authority and that of others." (Vergelyk ook Dschulnigg, 1989:176-177.) Wanneer egter in ag geneem word dat die brief daarop gerig is om valse leraars wat volgelingen sou werf (2:2) te bestry, kan aangeneem word dat dit vir enige skrywer - en daarom ook vir die apostel - in sulke omstandighede nodig sou wees om die gesag waarmee hy skryf te beklemtoon. Om te weet dat die skrywer van die brief 'n apostel is (1:1), dat hy teenwoordig was tydens die verheerliking (1:16), dat hy dieselfde gesag het as die apostel Paulus, sou belangrik wees vir die lesers om te kon besluit of hulle die inhoud van die brief ter harte sal neem.

Daar kan dus nie uit die wyse waarop die skrywer homself bekendstel, afgelei word dat die brief nie deur die apostel Petrus geskryf is nie.

## **2.2 Die ooreenkomste tussen Judas en 2 Petrus**

Daar bestaan groot ooreenkoms tussen die brief van Judas en 2 Petrus. Hierdie ooreenkoms word meestal as die sterkste argument gebruik om aan te toon dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf is nie.

Wanneer hierdie argument gebruik word, word aangeneem dat die brief van Judas eerste geskryf is en dat die skrywer van 2 Petrus die brief van Judas as bron gebruik het. Op grond van hierdie aanname word afgelei dat dit nie moontlik is dat die apostel Petrus 2 Petrus kon skryf nie, aangesien die brief van Judas, volgens hierdie argument, ná die dood van Petrus geskryf is. In punt 5.1 word aangetoon dat 2 Petrus nie die brief van Judas as bron gebruik het nie en gevolglik verval hierdie beswaar teen die outeurskap van Petrus.

## **2.3 Die verskil tussen 1 en 2 Petrus**

Die verskille tussen 1 en 2 Petrus word as 'n belangrike argument gebruik om te bewys dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf is nie. Calvyn (1976:325) gee toe dat die verskil so groot is dat dit wil voorkom of die briewe deur twee verkillende skrywers geskryf was. Hedendaagse skrywers soos Bacon (1924:172-173), Bleek (1870:179-180) Connic (1972:362), Crownfield (1960:328), Frankemölle (1990:81) Grundmann (1974:56-57), Harrington (1968:380), Heard (1950:218), McNeile (1965:246-247) vind die verskil tussen 1 en 2 Petrus ook baie groot en betwis die aanname dat die twee briewe van dieselfde skrywer kon kom.

Ander skrywers soos Boobyer (1959), Childs (1984:473,475), Dalton, 1979:547-555; Green (1961:11-23), De Ru (1969-1970:3), Van Houweling (1988:51-62), Kelly (1969:353), Lumby (1876:446-469) lê weer klem op die ooreenkomste tussen die twee briewe.

'n Aantal sake word nou ondersoek om te bepaal watter lig die verband tussen 1 en 2 Petrus op die vraag na die outeurskap van 2 Petrus kan werp.

### 2.3.1 Woordgebruik in die twee briewe

Bauckham (1983:143) beklemtoon die groot verskil in woordgebruik tussen 1 en 2 Petrus. Hy wys daarop dat die meeste woorde wat in albei briewe voorkom, baie algemene woorde is. Hy noem dat van die 154 woorde wat in al twee briewe gebruik word, slegs 26 woorde minder as 20 keer in die Nuwe Testament voorkom en slegs 10 minder as 10 keer. In 2 Petrus kom 35 woorde voor wat elders in die Nuwe Testament slegs een of twee keer gebruik word; hiervan is daar slegs twee wat ook in 1 Petrus voorkom, te wete ἀποθήσις en ἄρετή.

Slegs een woord (ἀποθήσις) wat nie in ander Nuwe-Testamentiese geskifte gebruik word nie, word in 1 en 2 Petrus gebruik. Onder die 35 woorde wat 2 Petrus gebruik, wat slegs een of twee maal in die Nuwe Testament gebruik word, kom slegs twee, te wete ἀποθήσις en ἄρετή, ook in 1 Petrus voor. Hierdie gegewens dui volgens Bauckham (1983:144) daarop dat daar bykans geen woorde is wat beskou kan word as karakteristiek van die twee briewe nie. So 'n afleiding is egter nie geldig nie. 'n Belangrike feit wat in aanmerking geneem moet word, is dat hierdie twee briewe, ten spyte daarvan dat albei kort is en dat albei duidelik met verskillende doelstellings geskryf is, nogtans ten minste twintig seldsame Nuwe-Testamentiese woorde deel. Sommige van hierdie woorde - indien nie almal nie - kan inderdaad as karakteristiek van die briewe beskou word.

Mayor (1965:lxvii) wys daarop dat daar in 1 en 2 Petrus dikwels verskillende woorde vir dieselfde betekenis gebruik word. Volgens hom verraai dit "a difference in feeling, or character, or experience, in the writers". Mayor se standpunt oortuig egter nie. Die feit dat die doel van 2 Petrus grootliks van die doel van 1 Petrus verskil, laat eerder dink dat die skrywer woorde gebruik het wat geskik sou wees om die doelstelling van die brief te bereik. Dit is ook moontlik dat die skrywer, nadat hy hom in 1 Petrus tot al die gelowiges in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bithinië gerig het (vergelyk 1 Pt.1:1), hom in die tweede brief tot 'n spesifieke groep in die midde van die gelowiges in hierdie gebiede rig, en dat hy dan woorde gebruik wat goeie aanklank sal vind by hierdie groep.

Die verskil in woordgebruik tussen 1 en 2 Petrus bewys dus nie noodwendig dat die brief deur verskillende skrywers geskryf is nie.

### 2.3.2 Die styl van 1 en 2 Petrus

Hoewel met Floor (1986:372) saamgestem moet word dat dit baie moeilik is om die styl van 'n skrywer te bepaal, het Kenny (1986:5-122) tog volgens 'n klassifikasie- en koderingsstelsel

'n goeie metode ontwikkel om stylooreenkomste en stylverskille aan te toon. Van Houweling (1988:54-57) toon op grond van die resultate van die studie van Kenny aan dat daar geen aantoonbare verskil in die grondpatroon en die skryfstyl van 1 en 2 Petrus is nie. Hoewel daar 'n verskil in woordkeuse en woordeskat is, word in 1 Petrus nie meer of minder naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, lidwoorde, voorsetsels en voegwoorde gebruik as in 2 Petrus nie.

Dit blyk dus dat die skryfstyl van 1 en 2 Petrus nie op verskillende skrywers dui nie.

### 2.3.3 Die wyse waarop na Jesus Christus verwys word

In 1 Petrus stel die skrywer volgens Mayor (1965:lxxvi-lxxx) sekere gebeure in die lewe van die Here Jesus Christus vir die lesers voor oë, byvoorbeeld wanneer hy in 5:5 herinner aan die gebeure toe Jesus Homself omgord het. Volgens Mayor (1965:lxxviii) herinner die skrywer van 2 Petrus die lesers ook aan gebeure in die lewe van Jesus, maar hierdie herinnerings is "of a far less intimate nature" en in hierdie herinnerings word klem gelê op die krag en majesteit van die Here, sy oordeel oor sondaars en die verskriklike gebeure by sy wederkoms.

Mayor toon daarmee 'n werklike verskil tussen 1 en 2 Petrus aan. Hierdie verskil dui egter nie noodwendig op verskillende skrywers nie, aangesien die verskil verklaar sou kon word op grond van die feit dat die doelstelling van die twee skrywes verskillend is. Terwyl die doel van die skrywer met 1 Petrus is om die geadresseerdes wat in verdrukking verkeer te bemoedig en 'n meer simpatieke benadering nodig is, is die doel van die skrywer in 2 Petrus om die lesers te waarsku teen valse leraars wat 'n "verderflike kettery" (2:2) wil invoer. Die briefskrywer wil dit duidelik maak dat mense wat hierdie valse leer navolg, geoordeel sal word (vergelyk onder andere 2:1-10a). Dit sou dus vir die skrywer nodig wees om in die tweede brief klem te lê op die majesteit van die Here en op sy oordeel.

Die wyse waarop daar in 1 en 2 Petrus na Jesus Christus verwys word, dui dus nie op twee verskillende skrywers nie.

### 2.3.4 Perspektief op die eskatologie

Volgens Fornberg (1977:13) is die verskil in perspektief op die eskatologie by 1 en 2 Petrus 'n wesentlike verskil. Hy stel dit soos volg:

"In 1 Peter the eschatological perspective is vivid, and the age of Christ is regarded as the end of time. The mention of 'the last days' in 2 Pet 3:3, on the other hand, is stereotyped, as shown by the fact that the author does not assume that the Second Coming is imminent, 2 Pet.3:8-9."

Die wederkoms van Jesus Christus staan egter in 1 en 2 Petrus in verskillende kontekste. 1 Petrus versterk mense wat dreig om as gevolg van verontregting, verdagmaking, en vervolging moedeloos te word en word die wederkoms binne hierdie konteks gebruik. In 2 Petrus gee die skrywer aan die lesers 'n spesifieke perspektief op die tyd van die koms van die dag van God (3:8-10) om die valse leraars wat oor die tyd van die wederkoms gespot het te bestry.

Die verskil in perspektiewe op die eskatologie in 1 en 2 Petrus is dus nie van so 'n aard dat aanvaar kan word dat verskillende persone die twee briewe geskryf het nie.

#### 2.4 Verwysings na 2 Petrus in die vroeë kerk

Kümmel (1972:305) beskou die feit dat daar weinig getuienis is dat 2 Petrus in die vroeë kerk gebruik is, as 'n bewys dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf kon gewees het nie. Ook vir Cullmann (1968:106), Grant (1963:228-229) en Metzger (1965:258-259) gee dit 'n aanduiding dat die brief ná Petrus se dood geskryf is.

Uit 'n studie van Picirilli (1988:57-83) word dit egter duidelik dat sodanige gevolgtrekking nie werklik gefundeerd is nie. Hy ondersoek in sy studie 1 en 2 Klemens, Ignatius, Polikarpus, Didache, Barnabas, die brief aan Diognetus en die Herder van Hermas en toon aan dat daar 'n moontlikheid bestaan dat 2 Petrus in verskeie van die Apostoliese Vaders se geskifte weerspieël word. Die sterkste moontlikheid dat die Apostoliese Vaders wel 2 Petrus gebruik het, word gevind in 1 Klemens, Pseudo-Klemens, Barnabas, en Hermas.

Hoewel Picirilli nie uit die ooreenkomste tussen die Apostoliese Vaders en 1 Petrus kon aantoon dat die Apostoliese Vaders wel kennis gedra het van 2 Petrus nie, toon hy wel aan dat daar beslis ook nie met stelligheid gesê kan word dat daar nie in die Apostoliese Vaders verwysings na 2 Petrus is nie.

Daar kan dus nie op grond van die getuienis van die vroeë kerk aanvaar word dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf is nie.

#### 2.5 Die verwysing na Paulus en sy geskifte in hoofstuk 3:15-16

Petrus se verwysing na Paulus en sy geskifte in 3:15-16 bring drie vrae na vore wat ter sake is om te bepaal wie die skrywer van 2 Petrus is:

- Sou Petrus na Paulus verwys het as "ons geliefde broer Paulus" in die lig van die gebeure in Antiochië (Gl. 2:11-14)?
- Veronderstel die woorde "al sy briewe" die bestaan van 'n *corpus Paulinum*?



- Plaas die skrywer Paulus se geskrifte op dieselfde lyn met die Ou Testament en sou Petrus so iets gedoen het?

Bogenoemde vrae word vervolgens ondersoek.

### 2.5.1 Die verhouding tussen Petrus en Paulus

Die verwysing na Paulus as "ons geliefde broer" (3:15) is vir baie skrywers 'n bewys dat Petrus nie 2 Petrus geskryf het nie. Kelly (1969:370) skryf oor hierdie aanspreekvorm:

"But his manner in doing this betrays, almost more than any other passage in the letter, that the apostolic age, with its tensions between Peter and Paul (e.g. Gl. ii.11-16) on the one hand and Paul and the original apostolic group on the other, lies in the misty past."

Uit Handeling en die brief aan die Galasiërs is dit duidelik dat daar konflik tussen Paulus en Petrus bestaan het. Om te beweer dat Petrus in sy geskrifte nie na Paulus as "geliefde broer" sou verwys nie, hou egter in dat die konflik tussen die twee apostels moes voortgeduur het. Vir hierdie aanname bestaan daar egter geen enkele aanduiding nie (De Ru, 1969-1970:77). Van Houweling (1988:278) toon aan dat Paulus en Petrus volgens die tradisie in Rome in die verkondiging van die evangelie saamgewerk het en dat 'n broederband deur die werk gegroei en bevestig is.

Hiebert (1989:171) wys daarop dat dit moeilik is om te aanvaar dat 'n skrywer uit die tweede eeu, wat aan Paulus eer wou bewys, dit op so 'n eenvoudige wyse sou doen deur na hom as "geliefde broer" te verwys. Wanneer die aanspreekvorm "geliefde broer" in 2 Petrus met aanspreekvorms soos "die geseënde apostel", "die heilige, die gemartelde, volgens verdienste die gelukkigste" en "die geseënde en verheerlikte Paulus" vergelyk word, dui die aanspreekvorm in 2 Petrus daarop dat die geskrif in die tyd van die apostels kon ontstaan het (vergelyk Hiebert, 1989:171 vir bogenoemde aanhalings).

Die gebruik van die woorde "geliefde broer" in 3:15 gee dus nie 'n aanduiding dat die skrywer van 2 Petrus nie die apostel Petrus is nie, maar wys eerder in die rigting dat die brief, soos deur die skrywer self gestel, deur die apostel Petrus geskryf is.

### 2.5.2 'n Reeds gevormde *Corpus Paulinum*

Volgens Bleek (1870:182), Cullmann (1968:106), Grant (1963:230), Kümmel (1972:304) en verskeie ander skrywers, toon die woorde "net soos in al sy briewe" in 3:16 dat die skrywer

van 2 Petrus bewus was van 'n versameling van Paulus se geskrifte en dui dit daarop dat 2 Petrus in 'n na-apostoliese tyd ontstaan het.

Indien hierdie woorde op 'n versameling van die briewe van Paulus wys, hoef dit egter nie noodwendig te beteken dat dit 'n *volledige* versameling van Paulus se geskrifte was, soos dit huidig in die kanon voorkom nie. Dit is meer waarskynlik 'n aanduiding van 'n kleiner versameling wat reeds voor Petrus se dood bestaan het (vergelyk Cartledge, 1938:173 en Guthrie, 1990:824).

### 2.5.3 Paulus se briewe en die "Skrifte"

Dit blyk dat die skrywer van 2 Petrus in 3:16 Paulus se geskrifte gelykstel met die Ou Testament wanneer hy skryf dat sekere mense Paulus se briewe "net soos die ander Skrifte" verdraai. Cullmann (1968:106) argumenteer dat dit die eerste keer is dat Nuwe-Testamentiese briewe "Skrifte" genoem is en dat, aangesien die Nuwe Testamentiese kanon nie gevorm is voor ongeveer 150 n.C. nie, 2 Petrus heelwat later as 90 n.C., geskryf is. Hierdie standpunt word ook ondersteun deur skrywers soos Leaney (1972:201), Meade (1986:181) en Barth (1921:167-168). Hierteenoor moet egter gestel word dat dit wel moontlik is dat Petrus reeds voor sy dood die gesag wat Paulus volgens byvoorbeeld 2 Tessalonisense 3:14, 1 Korintiërs 2:6-7, 7:17 en 14:37-38 vir sy briewe opgeëis het, erken het en dit in 3:16 verwoord.

## 2.6 Christus se verheerliking in 2 Petrus en in die Evangelies

Käsemann (1964:173) sien in die wyse waarop 2 Petrus die verheerlikingsgebeure vermeld 'n aanduiding dat die brief uit 'n na-apostoliese eeu dateer. Enkele sake in verband met die verheerlikingsgebeure word nou ondersoek om te bepaal watter outeursbesonderhede gegee word.

### 2.6.1 Die plek waar die verheerliking plaasgevind het

In 2 Petrus word die plek waar die verheerliking plaasgevind het, nader gespesifiseer as "die heilige berg" (1:18). In Markus en Matteus is slegs sprake van "'n hoë berg". Volgens Bleek (1870:182) suggereer die woorde "heilige berg" in 2 Petrus 'n na-apostoliese tyd toe 'n spesifieke plek reeds tradisioneel gereken is as die plek waar die verheerliking plaasgevind het.

Saam met Hiebert (1989:9) kan eerder aanvaar word dat "the adjective 'holy' is fully in keeping with the Biblical practice of attributing holiness to any place where God revealed Himself" (vergelyk Eks. 3:5; 15:13; Jos. 5:15; Ps. 3:3).

### 2.6.2 Die onvolledigheid van die verheerlikingsbesonderhede

Baie besonderhede van die verheerlikingsgebeure wat deur die Sinoptici gegee word, word deur 2 Petrus weggelaat. Ἀκούετε αὐτοῦ word weggelaat, Moses en Elia se verskyning word nie vermeld nie en die skrywer noem nie Petrus se voorstel dat 'n hut gebou moes word nie. 2 Petrus vermeld ook nie, soos die Sinoptiese evangelies, dat dit slegs die drie apostels Petrus, Jakobus en Johannes was wat by die verheerliking teenwoordig was nie. Hieruit sou afgelei kon word dat 2 Petrus nie afhanklik was van die Evangelies nie.

Die weergawe van die verheerliking in 2 Petrus kan 'n aanduiding wees dat die skrywer van 2 Petrus self teenwoordig was tydens die verheerliking en dat hy sy eie weergawe van die gebeure gee. Dit bewys egter nie dat die skrywer wel teenwoordig was nie, aangesien die skrywer 'n onafhanklike tradisie van die verheerlikingsgebeure as bron kon gebruik het.

Die onvolledigheid van 2 Petrus se weergawe van die verheerliking van Jesus Christus weerspreek dus nie Petrus se outeurskap nie, maar dien in 'n mate as bevestiging daarvan.

### 2.6.3 Die terminologie om die verheerlikingsgebeure weer te gee

Käsemann (1964:173) sien in 2 Petrus se weergawe van die verheerliking van Jesus Christus 'n duidelike bewys van onkunde by die skrywer van die "Gospel tradition" en suggereer dat 2 Petrus in 'n na-apostoliese tyd tot stand gekom het.

In die beskrywing van die verheerliking gebruik die skrywer van 2 Petrus uitsonderlike woorde wat verskil van die woorde wat deur die Sinoptici gebruik word. 2 Petrus gebruik τιμὴν καὶ δόξαν en μεγαλοπρεποῦς om die heerlikheid weer te gee terwyl die Sinoptici ander woorde gebruik. Daar moet egter in ag geneem word dat die hele brief geskryf is in 'n "characteristically high-flown" styl (Wolters, 1990:32). Dit is daarom nie eienaardig dat die verheerlikingsgebeure in 'n eiesoortige styl weergegee word nie.

'n Baie logiese afleiding wat gemaak sou kon word, is dat die skrywer die verheerlikingsgebeure op 'n wyse weergee wat vir sy lesers verstaanbaar sou wees. Die skrywer poog dus om die verheerlikingsgebeure, soos ook ander sake in die brief, in die taal van sy lesers weer te gee.

Die terminologie wat gebruik word om die verheerlikingsgebeure weer te gee, gee dus nie 'n aanduiding dat die brief deur 'n skrywer uit die na-apostoliese eeu geskryf is nie.

### 2.6.4 Die oorsprong van die stem wat tot Jesus gerig is

By al drie die sinoptiese evangelies word verhaal dat die stem uit die wolk gekom het, terwyl 2 Petrus stel dat dit uit die hemel gekom het. Hierdie verskil dui egter nie daarop dat die gegewens wat die skrywer van 2 Petrus gebruik, in stryd is met die Evangelies nie. Die Evangelies beklemtoon deur die "wolk" te vermeld God se heerlike teenwoordigheid (Lane, 1975:320; Morris, 1975:172-173). Dit is duidelik dat die skrywer van 2 Petrus in eie woorde God se heerlike teenwoordigheid wil beklemtoon.

Die feit dat die skrywer, in die aanduiding van die oorsprong van die stem, nie van die Evangelies afhanklik was nie, versterk die moontlikheid dat 2 Petrus deur die apostel Petrus geskryf is. Iemand wat, soos Petrus, teenwoordig was by die verheerliking, sou immers nie afhanklik wees van enige tradisiestof nie. Dit is egter duidelik dat die verskil met die evangelies nie Petrus se outeurskap bewys nie.

### 2.6.5 Petrus se rol in die verheerlikingsgebeure

Die feit dat die skrywer van 2 Petrus homself en die ander apostels as 'n ἐπόπται voorstel, suggereer volgens Neyrey (1980i:509) "an aware, active participant in the event". Daarteenoor, stel Neyrey, is die apostel volgens die evangelies verward (Mk. 9:6), raak hy aan die slaap (Lk. 9:32), is hy bang (Mt.17:6-8) en is hy onbewus van die belangrikheid van die gebeure (Mk. 9:9-10).

Daar is egter 'n baie voor die hand liggende verklaring vir die meer aktiewe rol van die apostel soos in 2 Petrus weergegee. Indien dit die apostel Petrus self is wat 2 Petrus geskryf het, sou dit nie sy doel gewees het om sy eie beleving en reaksie van die tyd toe gebeure plaasgevind het, weer te gee nie. Hy sou eerder relevante gebeure en die betekenis daarvan (wat hy eers na 'n tyd beseft het) wou weergee.

Die rol wat in 2 Petrus aan Petrus toegeken word, wys dus nie op 'n verskil met die Evangelies nie en weerspreek ook nie die skrywer se stelling dat hy die apostel Petrus is nie.

### 2.6.6 Die woorde van die stem uit die hemel

2 Petrus se weergawe van die woorde wat tydens die verheerliking vanuit die hemel gehoor is, kom in 'n groot mate ooreen met die weergawe van die Sinoptici. Daar is egter ook opvallende verskille.

Dit is eerstens opvallend dat 2 Petrus nie die opdrag αὐτοῦ ἀκούετε, wat in die evangelies voorkom, weergee nie. Of dit egter 'n aanduiding is dat die skrywer uit 'n latere geslag Christene kom en daarom onbekend was met die woorde, moet sterk bevraagteken word. Dit is 'n opvallende feit dat die weglating van die woorde αὐτοῦ ἀκούετε die klem laat val op die

woorde wat tot Jesus gerig is, en daarom ook die heerlikheid wat aan Jesus gegee is, beklemtoon. Dit is dus moontlik dat die skrywer om redaksionele redes hierdie woorde weggelaat het.

Tweedens is dit opvallend dat 2 Petrus meer met Matteus ooreenstem as met Markus en Lukas. Soos De Ru (1969-1970:9) aantoon, is dit nie 'n grond vir die latere datering van 2 Petrus nie. Hy wys daarop dat, al sou 2 Petrus woordeliks ooreenkom met Matteus, dit nog glad nie 'n aanduiding is dat die skrywer Matteus gelees het nie. Mondelinge oorleweringe wat op Petrus se ervaring berus, was nog lewende praktyk en uit Lukas 1:1, uit fragmente by die kerkvaders en uit papiri is dit duidelik dat skriftelike evangeliestof naas die evangelies bestaan het (De Ru, 1969-1970:9). Daar moet verder ook daarop gelet word dat, hoewel 2 Petrus inderdaad meer met Matteus se weergawe ooreenstem as met die ander Evangelies, daar tog ook duidelike verskille tussen 2 Petrus en Matteus is. Die woordorde van Matteus en 2 Petrus verskil: slegs 2 Petrus kwalifiseer ἀγαπητός met μου, 2 Petrus plaas ἐγώ emfaties in die sin en 2 Petrus gebruik εἰς ὄν. 2 Petrus blyk dus 'n onafhanklike weergawe te wees van die verheerlikingsgebeure - moontlik die weergawe van iemand wat self die verheerliking belewe het.

## 2.7 Die voorkoms van *Frühkatholizismus* in die brief

Die term *Frühkatholizismus* verwys na die meer ontwikkelde idees van die Kerkvaders soos uit dokumente van die derde en vierde eeu blyk. Volgens Käsemann (1964:169) is 2 Petrus "from beginning to end a document expressing an early Catholic viewpoint ...".

'n Aantal verskynsels wat deur skrywers soos Käsemann (1964:169-195), Grant (1963:231) as *Frühkatholizismus* bestempel word, en wat volgens hulle in 2 Petrus voorkom, word vervolgens ondersoek. Fornberg (1977:6) en Bauckham (1983:151-152) toon aan dat die term heeltemal oorspan word en dat baie sake wat as *Frühkatholizismus* getipeer word, glad nie binne hierdie kategorie val nie.)

### 2.7.1 Herdefiniëring van geloof as dogma

Volgens Käsemann (1964:174) is geloof (πίστις) in 2 Petrus

"no longer the act of becoming a believer or of obeying in faith, but the safe state of the citizens of heaven which primarily belongs to the Apostles of Jesus as the specially elect, but which overflows from them on to all other Christians on the basis of renewed divine action".

Hy skryf verder:

"... revelation is now a piece of property which is at the community's disposal; it is 'the Christian religion' just as πίστις meant the state of being a Christian".  
(Vergelyk ook Elliott, 1969:217.)

Wanneer hierdie siening getoets word aan gegewens uit die brief, blyk hierdie standpunt ongegrond te wees. Uit die brief is dit duidelik dat die Christelike eskatologie deur die valse leraars aangeval is (3:2). Die skrywer verdedig in die brief die Christelike eskatologie en in sy verdediging gebruik hy nie 'n vroeg-katolieke leer nie, maar juis die tradisionele apostoliese leer oor die eskatologie (vergelyk 1:3-11).

### 2.7.2 Die vervaging van die hoop op die wederkoms

Käsemann (1964:178-185) beweer dat 2 Petrus afwyk van die "primitive Christian eschatology". Volgens hom ontbreek die eskatologie in 2 Petrus aan 'n christologiese karakter (178), is dit antroposentrië (181) en word dit gekenmerk deur 'n Hellenistiese dualisme (180).

Bauckham (1983:151-152) wys daarop dat Käsemann 2 Petrus se verwysing na die verheerliking van Christus verontagsaam (of verkeerd verstaan) wanneer hy beweer dat die Christologiese karakter in 2 Petrus ontbreek. Deur die verheerliking van Jesus as basis te gebruik vir die hoop op die παρουσία, belig die skrywer juis die Christosentriëse karakter van sy eskatologie.

Die standpunt van Käsemann dat die eskatologie van 2 Petrus antroposentrië is, word weerlê deur die feit dat dit in die eskatologie van 2 Petrus nie sentraal handel oor "The pious man [wanting] to know what is going to become of him and of his adversaries" (Käsemann, 1964:181) nie. Uit hoofstuk 2 van die brief word dit duidelik dat die valse leraars 'n losbandige leefwyse voorgestaan het (vergelyk ook 3:3b). Uit hulle woorde soos in 3:4 weergegee, kan afgelei word dat hulle aanvaar het dat daar geen oordeel sal wees nie. Die skrywer beklemtoon in hoofstuk 2 en 3 uitdruklik dat God getrou bly aan sy beloftes, enersyds teenoor die gelowiges (2:9a en 3:13) en andersyds teenoor die onregverdiges (2:3b-9a). Die klem val dus in 2 Petrus nie soseer op die mens nie, maar op God en op sy optrede teenoor die mens.

Die wyse waarop Käsemann (1964:180) die woorde "nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur die begeerlikhede in die wêreld is" in 2 Petrus.1:4 interpreteer, gee daartoe aanleiding dat hy aanvaar dat 2 Petrus 'n Hellenisties dualistiese beskouing het. Hy hou egter nie daarmee rekening dat die skrywer uitdruklik in 1:4 die "verdorwenheid" in die wêreld toeskryf aan die "begeerlikhede" nie. Wanneer hierdie feit in ag geneem word, is dit duidelik

dat Petrus se denke drasties van die Griekse denke verskil waar die "materie" self as sondig beskou is (Bauckham, 1983:182-183).

### 2.7.3 Die kerk word beskou as die enigste gesagvolle interpreteerder van die Skrif

Kümmel (1972:304) en Meade (1986:182-183) lei uit 2 Petrus 1:20 af dat die suiwerheid van die leer en die interpretasie daarvan volgens 2 Petrus oorgedra is in die hande van 'n offisiële leergesag. Ook Käsemann (1964:189-190) aanvaar dat die skrywer van 2 Petrus leer dat Skrifinterpretasie alleen gedoen kan word deur die offisiële leergesag van die kerk. Die skrywer maak egter nêrens in die brief melding van enige offisiële leergesag wat hierdie interpretasie moet doen nie. Dit blyk uit 3:15-16 dat die skrywer eerder 'n teenoorgestelde standpunt het, te wete dat die lesers self kan beoordeel of die skrywer se standpunte ooreenkom met dié van Paulus.

### 2.8 Die tydperk waarin die valse leraars geleef het

"The development of Gnosticism traceable in II Peter makes it natural to think of the second quarter of the second century ..." (Kümmel, 1972:305). Hierdie standpunt van Kümmel dat die valse leraars wat bestry is, 'n aanduiding gee dat die geskrif lank na die dood van Petrus tot stand gekom het, word ook ondersteun deur Bacon (1924:173), Feine (1950:256) en Smith (1985:92-93).

Bauckham (1983:156-157) toon egter oortuigend aan dat die valse leraars wat bestry word, nie gnostici was nie; derhalwe kan die afleiding van bogenoemde skrywers nie as geldig beskou word nie.

### 2.9 Die verwysing na Johannes 21:18-19 in 2 Petrus 1:14

2 Petrus 1:14 impliseer volgens Bleek (1870:186) dat die skrywer bekend was met Johannes 21:18. Indien hierdie interpretasie korrek is, is dit onmoontlik dat die apostel Petrus die brief kon geskryf het, aangesien hy reeds by die samestelling van die Johannesevangelie oorlede was.

Die saak sou egter ook anders beredeneer kon word. Indien dit die apostel Petrus is wat 2 Petrus geskryf het, sou hy op grond van persoonlike kennis die gebeure, wat eers later in die Johannesevangelie opgeteken is, in 2 Petrus kon weergee.

### 2.10 Die gebruik van die *futurum* en *praesens* in 2 Petrus

Wand (1934:132) ontdek "slips of the pseudonymous ploy" wanneer 2 Petrus soms van die valse leraars skryf asof hulle in die toekoms na vore sal tree (2:1, 3:3) en soms asof hulle reeds teenwoordig is (2:11, 17, 20, 3:5). Bauckham (1983:134, 245) en Watson (1988:110) redeneer egter dat die brief nie agterlosig saamgestel is nie en dat dit derhalwe onwaarskynlik is dat die skrywer so 'n fout sou maak. Volgens Bauckham (1983:134) veroorloof die skrywer hom die vryheid "for the sake of particular literary effect". Hy glo dat die skrywer doelbewus die teenwoordige tyd gebruik het om die lesers te laat beseef dat 'n profesie van die verlede besig is om in vervulling te gaan. Die skrywer, stel Bauckham (1983:135), gee ook nie om dat die lesers beseef dat hy nie werklik die apostel Petrus is nie. Hierdie standpunt van Bauckham word egter weersprek deur die feit dat die skrywer van die brief groot moeite doen om aan sy lesers te stel dat hy die apostel Petrus is (vergelyk 1:1, 1:12-15 en 3:1).

Dit blyk dat die wisseling in tye eerder verklaar kan word deur te aanvaar dat die valse leraars, toe 2 Petrus geskryf is, nog slegs maar begin het om na vore te tree en dat die skrywer die lesers in die lig van wat die profete en die apostels geleer het (vergelyk 3:1-2), wil waarsku teen die wyse waarop die leer en optrede van die valse leraars in die toekoms gaan ontwikkel.

### **2.11 Die vaders wat reeds ontslaap het (3:4)**

Frankemölle (1990:81) en Metzger (1965:258) neem aan dat die skrywer in 3:3-4 veronderstel dat die eerste geslag Christene - waaronder ook Petrus - alreeds oorlede is.

Die wyse waarop οἱ πατέρες in die vroeg-Christelike literatuur gebruik is, gee egter 'n sterk aanduiding dat die skrywer van 2 Petrus na die Ou-Testamentiese aartsvaders verwys (vergelyk Jh. 7:22; Hand. 13:32; Rm. 9:5; Heb. 1:1, Barnabas 5:7; 14:1 (1977:356,390)).

Dit blyk dus dat die verwysing na die vaders wat reeds ontslaap het, nie 'n aanduiding daarvan is dat die apostel Petrus nie die brief kon skryf nie.

### **2.12 Doelbewuste weglating van apokriewe werke**

Grundmann (1974:104) en Schelkle (1988:177) beweer dat die skrywer doelbewus die apokriewe geskrifte wat deur Judas gebruik is, vermy, en dat dit bewys dat die skrywer alreeds leef in die tweede eeu waarin die kanon al gevorm was en die apokriewe boeke nie as gesagvol beskou is nie. Hierdie argument is egter gebaseer op die veronderstelling dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het en dus aan die teks van Judas verander het. Indien Judas ná 2 Petrus ontstaan het, verval hierdie argument egter.



Indien die skrywer van 2 Petrus wel Judas as bron sou gebruik het, is daar ook nie werklik gronde om die kanoniseringsproses as rede vir die weglating van die verwysings na die apokriewe boeke aan te toon nie. Dit is moontlik dat die skrywer van 2 Petrus die verwysings na die apokriewe boeke bloot nie nodig geag het om sy doel met die geskrif te bereik nie.

### 2.13 Die tyd wanneer daar twyfel oor die wederkoms ontstaan het

Die woorde van die spotters wat die skrywer in 3:4 weergee: "Waar is die belofte van sy koms?" het ook daartoe aanleiding gegee dat die outeurskap van die apostel Petrus betwyfel word. Wikenhauser (1973:370) bevraagteken dit dat daar voor die val van Jerusalem twyfel oor die wederkoms van Christus sou ontstaan. Wikenhauser begrond sy standpunt op die feit dat sulke twyfel in die geskiedenis vroegstens opgeteken is in 1 Klemens (23.3; 1977:50).

Daar moet egter daarop gelet word dat die spotters nie in hulle aanslag op die lesers die vraag oor die wederkoms op die spits gedryf het nie. Neyrey (1980ii:414-420) toon aan dat die vraag van die spotters: "Waar is die belofte van sy koms?" verstaan moet word as twyfel aan goddelike betrokkenheid in hierdie wêreld". Van Houweling (1988:223) sluit by Neyrey aan en sê: "Noch de struktuur van die tekst, noch de spottende woorden zelf bevatten voldoende aanwysingen, dat hun vraag voortkwam uit wat wel 'Nah-erwartung' word genoemd". (Vergelyk ook Meier, 1988:255-257.)

Op grond hiervan is dit duidelik dat Wikenhauser se standpunt nie aanvaar kan word nie. Die vraag "Waar is die belofte van die koms van die Here?" gee nie 'n aanduiding dat 2 Petrus nie deur die apostel Petrus geskryf is nie.

### 2.14 Die naam Σομεών

Die skrywer stel homself in 1:1, anders as in 1 Petrus, bekend met die naam Σομεών. Kelly (1969:296) redeneer dat dit 'n teken van 'n pseudepigrafiiese skrywer is wat gepoog het om deur hierdie argaïese naam sy skrywe outentiek te laat voorkom. Dit is egter meer logies om aan te neem dat 'n pseudepigraaf dieselfde aanspreekvorm as wat in 1 Petrus voorkom, sou gebruik het indien hy sy lesers onder die indruk wou bring dat hy die apostel Petrus is, aangesien die lesers bekend was met 1 Petrus (vergelyk 3:2).

### 2.15 2 Petrus en Petrus se toesprake wat in Handelingte verhaal word

Daar is duidelike ooreenkomste tussen 2 Petrus en die Petrustoesprake in Handelingte. Harrison (1964:399) wys op die volgende: λαγχάνω word, naas in 2 Petrus 1:1 en Handelingte 1:17, slegs op nog twee plekke in die Nuwe Testament aangetref. Die volgende

woorde wat in sowel 2 Petrus as in die toesprake van Petrus voorkom, dui daarop dat dieselfde persoon aan die woord is: εὐσεβής (2 Pt. 1:3, 6, 7; 3:11; Hand. 3:12), ἄνομος (2 Pt. 2:8; Hand. 2:23) en ἡμέρα κυρίου (2 Pt. 3:10; Hand. 2:20). Daar is ook 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die wyse waarop Jesus Christus in Handeling 5:31 en in Petrus (1:1, 11; 2:20; 3:2, 18) benoem word, te wete σωτήρος. Verdere ooreenkomste blyk volgens Green (1961:13) uit die gedagtegang oor die wederkoms in Handeling 3:19-21 en 2 Petrus 3:9, 12, 15 waar die wederkoms en die bekering van die mens in die tyd voor die wederkoms 'n belangrike plek inneem.

Hierdie ooreenkomste tussen 2 Petrus en Petrus se toesprake in Handeling, dui dus daarop dat 2 Petrus deur die apostel Petrus geskryf is.

### 2.16           Woorde in 2 Petrus wat herinner aan die apostel Petrus se vroeëre lewe

Twee woorde wat in 2 Petrus gebruik word, herinner aan die apostel Petrus se vroeëre lewe, soos dit uit die evangelies bekend is. Δελεάζοντες (2:14, 18) herinner aan sy vorige beroep as visserman, en ἀρνούμενοι (2:1) herinner aan Petrus se verloëning van Jesus kort voor die kruisiging (Green, 1961:13). Die gebruik van hierdie twee woorde gee 'n aanduiding dat 2 Petrus deur die apostel Petrus geskryf is.

### 3.               Die geadresseerdes en hulle sosio-kulturele omstandighede

Anders as in 1 Petrus, word in 2 Petrus nie genoem waar die geadresseerdes woon nie. Daar word bloot na hulle verwys as "die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het". Die aard van hierdie wysiging het daartoe aanleiding gegee dat die brief as 'n algemene sendbrief aan alle Christene beskou is (Reicke, 1982:145-146). By nader beskouing, is dit egter duidelik dat 2 Petrus nie 'n algemene sendbrief is nie, aangesien die brief gerig is tot 'n spesifieke groep mense in spesifieke omstandighede. Uit die brief is dit immers duidelik dat die lesers mense was wat alreeds 'n brief van Petrus en verskeie briewe van Paulus ontvang het (vergelyk 3:1 en 3:15-16) en dat daar in hulle midde valse leraars/spotters was en sou kom. (Vergelyk punt 2.10 van hierdie studie waar aanvaar is dat die valse leraars/spotters reeds in die gemeente teenwoordig was, maar nog nie tot volle ontplooiing gekom het nie.)

Om te bepaal wie die lesers was en wat hulle sosio-kulturele omstandighede was, word 'n aantal gegewens in 2 Petrus nagegaan - gegewens wat 'n aanduiding van die sosio-kulturele omstandighede van die lesers kan gee. Daar word ook ondersoek ingestel watter brief dit is wat die lesers volgens 3:1 reeds van die skrywer ontvang het en indien dit bepaal kan word, word ondersoek ingestel watter aanduiding dit kan gee van die sosio-kulturele omstandighede van die lesers.

### 3.1 Gegewens uit 2 Petrus oor die sosio-kulturele omstandighede van die lesers

#### 3.1.1 Die woorde "dieselfde geloof as ons" in 1:1

Menings oor wat Petrus bedoel met die woorde "dieselfde geloof as ons", gaan in 'n groot mate uiteen. Sommige navorsers (Greijdanus, 1929:234-235; Lenski, 1966:250-251; Mounce, 1982:102; Mayor, 1965:80-81; Picirilli, 1963:22) aanvaar dat Petrus daarmee bedoel dat die Christene uit die heidendom dieselfde geloof as die Joodse apostels ontvang het. Dit sou aandui dat die brief gerig was tot Christene *uit die heidendom*.

Ander (onder andere Bigg, 1969:250; Calvyn, 1976:327; Grundmann, 1974:66; Kelly, 1969:296; Van Houweling, 1988:95) aanvaar weer dat die skrywer met die woorde wil beklemtoon dat die lesers nie minderwaardig moet voel omdat hulle nie apostels is nie, aangesien hulle dieselfde geloof as die apostels ontvang het.

Uit die brief word dit duidelik dat laasgenoemde moontlikheid die beste is. Nêrens in die brief word die onderskeid tussen Christene uit die Jodendom en Christene uit die heidendom op die voorgrond gestel nie. In die lig van die feit dat die brief geskryf is om valse leraars wat volgelingen gewerf het (2:2, 18), te bestry, kan aangeneem word dat die skrywer reeds hier aan die begin van die brief met die woorde "dieselfde geloof as ons" die klem laat val op die band tussen die lesers en die apostels ("ons"). Hy wil beklemtoon dat die apostels en die lesers voor God gelykwaardig is in die geloof deur die werk van Jesus Christus.

Die woorde "dieselfde geloof as ons" gee dus 'n aanduiding dat die lesers Christene was wat onder druk was om 'n ander leer as wat die apostels verkondig het, na te volg. Hierdie woorde gee egter nie duidelikheid of die lesers Christene uit die Jodendom of uit die heidendom was nie.

#### 3.1.2 Die verwysing na mense wat ontvlug het in 2:18, 20-21

In 2:18 verwys Petrus daarna dat die valse leraars diegene verlei het wat waarlik die mense wat in dwaling lewe, ontvlug het. In 2:20 noem hy dat mense wat die besmetting van hierdie wêreld ontvlug het, weer verstrik en oorwin kan word. Dit word duidelik dat dit vir Petrus hier gaan om mense wat doelbewus met die heidendom gebreek het (Van Houweling, 1993:72-76). Daaruit kan afgelei word dat daar in die midde van die geadresseerdes mense was wat uit die heidendom tot die Christendom gekom het.

#### 3.1.3 Die briewe wat die lesers van Paulus ontvang het (3:15-16)

Volgens 3:15-16 was die geadresseerdes in besit van briewe van Paulus. Die skrywer gee ook 'n aanduiding van waaroor die briewe van Paulus handel deur die woorde καθὼς καὶ te gebruik (3:16).

Mayor (1965:164) aanvaar dat καθὼς ἔγραψεν verbind moet word met die voorafgaande sin waar Petrus handel oor God se lankmoedigheid. Die briewe van Paulus wat die lesers in hulle besit het, handel dus in die besonder oor God se lankmoedigheid wat daarom volgens Mayor dui op die brief aan die Romeine. Frankemölle (1990:115) stel ook dat tematiese oorwegings daarop dui dat hier na Paulus se brief aan die Romeine verwys word en stel dat dit nie moontlik is om te bepaal watter ander briewe daarby ingesluit word nie.

Dit blyk later in hierdie studie (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2) uit die ontleding van die gedagtestruktuur dat vers 16 saam met 3:14-15 'n gedagte-eenheid vorm. Καθὼς καὶ in vers 16 kan daarom logies met vers 14-15a verbind word. Dit blyk dat die inhoud van die briewe van Paulus wat in die lesers se besit was, gevolglik moes handel oor die etiese implikasie wat die eskatologie vir die gelowige inhou. Saam met Van Houweling (1988:269) kan daarom aangeneem word dat die brief aan die Galasiërs primêr tersaaklik is wanneer Paulus handel oor die misbruik van die vryheid as aanleiding vir die vlees (vergelyk Gl. 5:23) en wanneer die toekomsverwagting ook gebruik word as motivering vir die lesers om heilig tē lewe (Gl. 6;13-26). Die woorde in 3:14, waar die skrywer die lesers opdrag gee om hulle te beywer dat hulle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede, herinner sterk aan die woorde van Paulus in Efesiërs 5:27 wanneer hy skryf dat Christus die gemeente voor Hom verheerlik, sonder vlek of rimpel kon stel; dat die gemeente heilig sonder gebrek sou wees. (Vergelyk Van Houweling, 1988:270 vir volledige beredenering.)

Reicke (1982:183) wys daarop dat daar in 1 Tessalonisense 4:13-5:11 en 2 Tessalonisense 1:7-10 en 2:1-12 ook oor die koms van die Here en die komende oordeel gehandel word en dit is dus ook moontlik dat Petrus in vers 16 na hierdie twee briewe van Paulus verwys.

Uit bostaande word dit duidelik dat die lesers moontlik in Efese, Galasië en Tessalonika woonagtig was - gebiede wat tot 'n mate ooreenkom met die gebiede waarin die lesers van 1 Petrus woonagtig was (1:1).

#### 3.1.4 Gebrek aan aanhalings uit die Ou Testament

Groenewald (1977:103) sê die feit dat 2 Petrus nooit direk uit die Ou Testament aanhaal nie, wys in die rigting dat die lesers Christene was wat uit die heidendom gekom het en dat hulle dus nie Joodse Christene was nie. Daar moet egter daarop gelet word dat Petrus, hoewel hy nie uit die Ou Testament aanhaal nie, in die bestryding van die valse leraars en die spotters sterk klem lê op die Ou Testament. In hoofstuk 2 van die brief gebruik hy die Ou Testament

om aan te toon dat God die onregverdiges sal straf en die regverdiges sal red (vergelyk 2:4-8, 15-16). In hoofstuk 3 bestry hy die spotters deur na die gebeure te verwys wat in die Ou Testament verhaal word. Die wyse waarop Petrus met die Ou Testament omgaan, dui dus eerder daarop dat die lesers bekeerlinge uit die Jodendom was.

Wanneer die afleiding wat in 3.1.2 gemaak is, te wete dat daar in die midde van die lesers Christene was wat uit die heidendom gekom het, in ag geneem word, word dit duidelik dat die lesers Christene was wat uit sowel die heidendom as die Christendom gekom het.

### **3.2 Die vorige skrywe wat die lesers van die skrywer ontvang het (3:2)**

In 3:2 sê die skrywer dat hy reeds een brief aan die lesers gestuur het. Indien bepaal kan word watter brief dit is waarna hier verwys word en aan wie hierdie vorige brief gestuur is, sou dit ook 'n aanduiding kan gee wie die waarskynlike lesers van 2 Petrus is.

Volgens Green (1977:124) en Kelly (1969:336) verwys die skrywer na 'n brief van dieselfde skrywer wat verlore geraak het.

Die mees voor die hand liggende verklaring is egter dat die skrywer in 3:1 na 1 Petrus verwys. Hierdie aanname word deur die volgende aspekte gestaaf:

- Daar is duidelike tematiese ooreenkomste tussen die twee briewe. Temas soos byvoorbeeld 'n heilige lewe en die wederkoms kom in albei briewe voor.
- 2 Petrus sou kon dien as 'n opvolgbrief vir 1 Petrus aangesien veral die wederkoms en die etiese implikasie daarvan, wat in 1 Petrus net aangeraak is, in 2 Petrus in besonderhede uitgebou is. Hierdie aspek gee die indruk dat die skrywer ná sy eerste brief sekere inligting ontvang het oor die lesers en besluit het om spesifieke sake verder uit te bou.

Die vraag wat egter onmiddellik gevra moet word, is of Petrus wel so op die hoogte sou wees van die situasie van 1 Petrus se lesers in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië, aangesien daar nie uit die Skrif enige aanduiding is dat hy ooit enige van die gebiede besoek het nie. Van Houweling (1988:71-77) toon aan dat Petrus waarskynlik via Markus en Silvanus (1 Petrus 5:12) met die Christene in hierdie gebiede kontak gehad het.

Op grond van hierdie aanname kan met redelike sekerheid aangeneem word dat die brief waarna in 3:1 verwys word, 1 Petrus is (vergelyk ook punt 3.1.3). 1 Petrus kan dus nou nagegaan word om die omstandighede van die lesers van 2 Petrus verder te bepaal.

### **3.3 Gegewens uit die vorige skrywe van Petrus aan die lesers**

In die lig daarvan dat in punt 3.2 aanvaar is dat Petrus in 3:2 na 1 Petrus verwys, kan 'n aantal tersaaklike gegewens uit 1 Petrus nou nagegaan word om sodoende die sosio-kulturele omstandighede van 2 Petrus se lesers nader te bepaal.

### 3.3.1 Die omstandighede van die inwoners van die gebiede Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië (1:1)

Die name Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië wat in 1:1 genoem word, kan op Romeinse provinsies sowel as etniese landstreke dui. Indien die skrywer daarmee na provinsies wil verwys, is die vraag hoekom hy Pontus en Bitinië apart noem, aangesien dit een provinsie was. Sommige skrywers (Groenewald, 1977:10; Guthrie, 1990:783) aanvaar daarom dat dit na die etniese streke verwys. Dit is egter onwaarskynlik, aangesien dan nie verklaar kan word waarom streke soos Frigië, Pisidië, Lakaonië, wat binne die gebied beskryf word, weggelaat word nie. Daar bestaan inskripsiegetuïenis wat staaf dat Bitinië en Pontus soms afsonderlik genoem is in verwysing na die groepe provinsies in Klein-Asië (Elliott, 1981:60), en dit kan daarom aangeneem word dat Petrus hier na die provinsies in Klein-Asië verwys (vergelyk Hemer, 1978:239-242).

Hierdie provinsies het 'n groot diversiteit van volke en kulture van verskillende oorsprong, etnisiteit, tale, gewoontes, godsdienste en politieke geskiedenis gehuisves (Elliott, 1982:61). Bruce (1977i:62), Johnson (1958:14) en Reicke (1968:284) toon aan dat groot getalle Jode in hierdie gebiede gevestig was.

Daar kan aangeneem word dat die mense in die stede van Klein-Asië meer onderworpe was aan Hellenistiese invloede as die Christene op die platteland (Stambaugh & Balch, 1986:88-91). Elliot (1982:61) skryf:

"By the advent of the Imperial Age older and more recently founded cities were numerous in Asia and dotted the coast of Bithynia-Pontus. Inland, however, urbanization and the process of Hellenization and Romanization which accompanied it had little headway."

Hierdie gegewens werp besondere lig op 2 Petrus. Eerstens kan dit 'n verklaring gee vir die vraag waarom soveel Hellenistiese terme wat ook in ander vergelykende Hellenistiese dokumente voorkom (vergelyk Danker 1978:64-82), in 2 Petrus aangetref word. Die skrywer poog om Christene wat in die stede van Klein-Asië woon en reeds 'n Hellenistiese taal en leefwyse aangeneem het, te bereik deur sy brief aan hulle in 'n Hellenistiese taal en styl in te klee.

Tweedens kan die feit dat die Christene in stede aan Hellenistiese invloede onderworpe was, ook lig werp op die valse leer wat in 2 Petrus bestry word en waaraan die lesers onderworpe

was. Die "vryheid" wat deur die leraars verkondig is (2:19), moet in die lig van bostaande gegewens verstaan word as 'n oproep om 'n groter toegewildheid teenoor die heidense leefwyse. Christene kon volgens hierdie leraars ook meedoen aan seksuele immoraliteit, dronkenskap en ander uitspattighede (vergelyk 2:2, 10a, 13-14, 18). Die ontkenning van die uiteindelijke oordeel wat in hoofstuk 3 van die brief aan die orde gestel word (vergelyk hoofstuk 9 punt 1.2.2.3 van hierdie studie), kan ook in hierdie lig verklaar word. Die valse leraars sou met die moontlikheid van 'n toekomstige oordeel moes afreken voordat die boodskap van versoening met 'n heidense leefwyse by die Christene sou posvat.

### 3.3.2 Die vreemdelingskap van die geadresseerdes

Van Rensburg (1992:283) toon aan dat Griekse woorde in 1 Petrus direk aan "vreemdelingskap" verbind kan word, naamlik *παρεπιδήμιος* (vergelyk 1:1 en 2:11), en *παροικία* (1:17).

Hierdie "vreemdelingskap" in 1 Petrus word op verskillende wyses deur skrywers verstaan. Van Unnik (1980:74-77) interpreteer die woorde *παροίκους* en *παρεπιδήμιος* in 2:11 verskillend. Hy aanvaar dat die lesers, aangesien hulle proseliete is wat Christene geword het, letterlik vreemdelinge (*παρεπιδήμιος*) is by die sinagoge, en dat hulle in 'n geestelike sin vreemdelinge (*παροίκους*) is op aarde.

Skrywers wat die "vreemdelingskap" in 1 Petrus meer as figuurlik of as geestelike vreemdelingskap verstaan, is De Jonge (1956-1957:18-36), Hiebert (1980:66), Malherbe (1983:52-53) en Schelkle (1988:19). Schelkle (1988:69) se keuse vir 'n figuurlike verstaan van vreemdelingskap, kan as voorbeeld geneem word. Hy skryf soos volg oor die terme in 1:12:

"Aus dieser Kennzeichnung des Christenstandes ergeben sich die folgenden Mahnungen. Der Christ lebt auf Erden in der Fremde, und er gehört, zum erwählten heiligen Volk. Er muss diesen seinen Stand vollziehen, indem er dem Bösen fremd ist."

In Van Rensburg (1992:300-301) se studie oor die woorde *παρεπιδήμιος* (2:11), *παροικίας* (1:17) en *παροίκους* (2:11), toon hy oortuigend aan dat die "vreemdelingskap" in 1 Petrus nie in die eerste plek figuurlik of geestelik verstaan moet word nie.

Hierdie interpretasiemoontlikheid van "vreemdelingskap" in 1 Petrus word ook ondersteun deur die standpunt van Elliott (1981:48). Hy vergelyk die vreemdelingskap van Petrus se geadresseerdes met Israel se vreemdelingskap in Egipte en sê dat net so min as wat Israel se vreemdelingskap in Egipte figuurlik verstaan moet word, net so min moet die Christene se vreemdelingskap in Klein-Asië figuurlik verstaan word.

Om die status van *πάροικος* in Klein-Asië te hê, het besondere betekenis gehad. Iemand wat as *πάροικος* geklassifiseer is, het enersyds 'n vorm van politieke en sosiale voorregte geniet, maar andersyds beslis nie die regte en voorregte van iemand wat volle burgerskap verkry het nie (Elliot, 1981:25).

In die lig van bostaande gegewens kan derhalwe aangeneem word dat die lesers van 2 Petrus mense was wat as uitlanders in die gebied van Klein-Asië gewoon het - mense wat 'n vorm van politieke en sosiale voorregte geniet het, maar nie as volle burgers beskou is nie.

### 3.3.3 Aanduidings dat die lesers christene uit die Jodendom en Christendom was

Selwyn (1947:42-44) redeneer oortuigend dat dit nie moontlik is om uit 1 Petrus aan te toon dat die lesers van die brief uit slegs Christene uit die Jodendom of slegs uit Christene uit die heidendom bestaan het nie. Hy toon aan dat die volgende gegewens in die brief 'n aanduiding gee dat die brief op albei groepe van toepassing is:

- \* Die groot aantal verwysings na die Ou Testament wat aan die brief 'n Joodse karakter gee.
- \* Die verwysings na die lesers as mense in "verstrooiing" (1:1) wat, hoewel nie noodwendig nie, tog wys in die rigting dat die lesers Christene uit die Jodendom was.
- \* Die sondes wat in 4:3-5 genoem word, wat "typically Gentile excesses" (Selwyn, 1947:43) was.
- \* Die aanduidings dat 'n groot groep van die lesers slawe was (vergelyk die aandag wat die skrywer in die brief aan die slawe gee in 2:18-25). Hierdie slawe was waarskynlik nie Jode nie.

Dit blyk dus dat die lesers van 1 Petrus uit Christene uit sowel die Jodendom as die heidendom bestaan het.

## 4. Die valse leraars en spotters wat Petrus bestry

Verskeie studies is al onderneem om te bepaal wie die valse leraars en spotters is wat in 2 Petrus vermeld word (vergelyk onder andere Cavallin, 1979:263-270 en Desjardins, 1987:89-100).

In 2 Petrus is daar sprake van sowel valse leraars as spotters. Rabali (1992:144) gee toe dat daar groot ooreenkomste is tussen die valse leraars wat in hoofstuk 2 van die brief vermeld word en die spotters wat in hoofstuk 3 vermeld word - ooreenkomste soos dat albei groepe



moreel sleg is (2:12 en 3:3), dat beide nie die regte kennis besit nie (2:12 en 3:5) en dat Petrus in sowel die bestryding van die valse leraars as die spotters die voorbeeld van die sondvloed gebruik (2:5 en 3:5). Hy stel egter dat daar ook 'n duidelike onderskeid tussen die valse leraars en die spotters is. Rabali wys daarop dat daar in die brief gestel word dat die spotters sekere houdings en standpunte oor die dag van die Here gehad het. Aangesien die valse leraars egter mense was wat "verderflike ketterye" (2:1) ingevoer het, sou dit volgens Rabali nie korrek wees om hulle leringe tot die eskatologie alleen te beperk nie.

Wat Rabali egter nie in ag neem nie, is dat die spotters se houding en standpunte oor die eskatologie direk met die valse leraars se "verderflike ketterye" verband gehou het. Dit is duidelik dat die "verderflike ketterye" van die valse leraars behels het dat hulle 'n ongebonde leefwyse voorgestaan het (vergelyk 2:10b-14). Uit Petrus se ontkenning in 2:1 dat die oordeel oor die valse leraars van lankal af nie werkeloos is nie en hulle verderf nie sluimer nie, kan afgelei word dat die valse leraars God se oordeel ontken het en dat dit as motivering gedien het waarom 'n ongebonde leefwyse gevolg kon word. (Let in hierdie verband op die klem wat die briëfskrywer in 2:3b-9 plaas op die Ou-Testamentiese verwysings om hierdie aspek te beklemtoon.) Wanneer hierdie feite in ag geneem word, word dit duidelik dat dit gaan om die vraag en stelling van die spotters wat in 3:4 vermeld word, en die valse leraars se regverdiging van 'n ongebonde leefwyse. Hulle het dit betwyfel dat daar enige rekenskap sal wees want hulle spot met die belofte van die koms en sê dat alles dieselfde bly. (Neyrey, 1980ii:414-420 toon aan dat die vraag en stelling in 3:4 aandui dat die spotters die oordeel van God betwyfel het.)

Uit bostaande is dit duidelik dat die valse leraars wat in hoofstuk 2 van die brief vermeld word en die spotters wat in hoofstuk 3 vermeld word, dieselfde mense is.

Uit die brief word heelwat besonderhede van hierdie valse leraars duidelik:

- \* Die valse leraars is reeds aktief aan die werk hoewel hulle aktiwiteite nog nie tot volle ontplooiing gekom het nie (vergelyk punt 2.10 van hierdie studie).
- \* Die feit dat Petrus hulle vergelyk met die valse profete van die Ou Testament, hulle ψευδοδιδάσκαλοι noem (2:1), en sê dat hulle 'n αίρεσεις sal invoer, dui daarop dat hierdie valse leraars 'n spesifieke leer voorgestaan het.
- \* Ook blyk dit dat die valse leraars se leer en die optrede wat hulle voorgestaan het, direk gebots het met dit wat Petrus in 1:3-11 leer:
  - Waar Petrus leer dat die gelowiges moet toeneem in kennis van Jesus Christus (1:8; vergelyk ook 1:2 en 3:18), het hierdie leraars se leer daartoe gelei dat die Here verloën word (2:1) en die weg van die waarheid gelaster word (2:2).

- Terwyl Petrus die lesers oproep om toe te neem in 'n heilige lewe (1:5-7), het hierdie leraars vryheid voorgestaan (2:19), 'n vryheid om onrein en losbandig te lewe (2:2, 10a, 13-14, 18, 3:3).

\* Uit 3:15 kan afgelei word dat die valse leraars Paulus se briewe as basis vir hul argumentering gebruik het (Tasker, 1946:132).

\* Die gevaar het bestaan dat hierdie leraars groot steun in die gemeente kon ontvang (2:2). Die moontlike steun sou veral kom vanuit die geleedere van hulle wat nog nie standvastig was in die geloof nie (2:18).

\* Dit is uit die brief ook duidelik dat die leraars 'n spesifieke standpunt oor die verloop van die wêreldgeskiedenis gehad het. Soos reeds vermeld, het hulle geglo dat die wêreldgeskiedenis sonder enige goddelike inmenging sal verloop (3:4b) en het hierdie standpunt as motivering vir 'n ongebonde leefwyse gedien.

\* Baie skrywers het uit die gegewens in die brief afgelei dat hierdie leraars gnostisisme of 'n vroeë vorm van gnostisisme voorgestaan het. Hulle lei dit veral af uit die klem wat Petrus in die brief lê op "kennis" (Bolkestein, 1977:245; Green, 1977:39; Talbert, 1966:140-142), die vryheid wat die leraars volgens 2:19 gepropageer het (Green, 1977:39; Käsemann, 1964:171) en Petrus se verwysing na die mites in 1:16 (Mayor, 1965:103 en Kelly, 1969:316). Bauckham (1983:156-157), Fornberg (1977:31) en Neyrey (1980i:506) toon egter oortuigend aan dat die dwaalleraars nie gnostici was nie en voer onder andere die volgende argumente aan:

- Daar is by hierdie valse leraars geen tekens van 'n kosmologiese dualisme, wat 'n uitstaande kenmerk van die gnostisisme was nie.
- Die asketiese leefwyse wat deur die gnostici voorgestaan is, is totaal teenstellend met die losbandige leefwyse wat deur die valse leraars voorgestaan is.
- Petrus raak nie die saak van die opstanding van die liggaam aan wanneer hy oor die wederkoms praat nie - iets waarop dikwels die klem laat val is in argumente met gnostici oor die eskatologie.
- Die woorde γνῶσις en ἐπίγνῶσις word glad nie in die brief deur Petrus gestel as 'n kontras met die kennis soos deur gnostici voorgestaan nie.
- Petrus gebruik nêrens in die brief die woord "mites" as 'n beskuldiging teen die valse leraars nie, maar ontken slegs in 1:16 dat hy en die apostels μύθος nagevolg het.

Reicke (1982:160-162) poog om die valse leraars as politieke leiers te identifiseer. Uit 2:1b lei hy af dat hulle politieke verdeeldheid bewerk het; uit 2:1c en 2:15 dat hulle in diens van mense was, uit 2:19 dat hulle deur propoganda vir vryheid, vyandigheid teen die bestaande owerheid gepropageer het. Hierdie afleidings van Reicke is egter vergesog. Die verloëning van die die Here waarna Petrus in 2:1 verwys, dui op 'n "practical atheism which rejects God as judge" (Neyrey, 1980ii:416) en is nie 'n aanduiding van enige politieke voorkeure van die valse leraars nie. Op grond daarvan is dit ook duidelik dat dit verkeerd is om af te lei dat Petrus in 1b verwys na politieke verdeeldheid en dat die verwysing na vryheid propoganda was vir politieke vryheid.

Die omstandighede van die lesers, soos in punt 3 aangetoon, bied ook die sleutel tot die verstaan van die leer van die valse leraars in 2 Petrus. Hulle was mense wat aangetrek is deur die heidense Hellenistiese leefwyse wat veral in die stede inslag verkry het (vergelyk punt 3.3.1). Die apostoliese leerstellings (soos deur Petrus uiteengesit in veral 1:3-11) was vir hulle 'n beperking en hulle het hulle beroep op "vryheid" (2:19). Hulle het hulle vryheid daarop gegrond dat daar geen wederkoms en geen oordeel sal wees waar die mens rekenskap sal moet gee nie. Hierdie leer het inderdaad groot gevaar ingehou vir die jong gelowiges wat veral in die stede gewoon het en wat dag vir dag met die heidense leefwyse gekonfronteer was. Indien hulle sou vergeet dat Christus terugkom en dat daar 'n eindoordeel sal wees, was die gevaar wesentlik om die valse leraars in hulle heidense leefwyse te volg.

## 5. 2 Petrus en ander geskrifte

Indien bepaal sou kon word of Petrus spesifieke bronne gebruik het, sou dit van waarde kan wees vir die verstaan van die brief. Die ooreenkomste tussen 2 Petrus en die brief van Judas is die opvallendste en word daarom eerste bestudeer. Daar word ook aandag gegee aan die verhouding tussen 2 Petrus en die volgende moontlike bronne: die Ou Testament, ander Joodse skrywers, die vier Evangelies en 1 Petrus.

### 5.1 2 Petrus en Judas

Die ooreenkoms tussen 2 Petrus en Judas is baie opvallend. Van die 25 verse van Judas kom ongeveer 19 in 2 Petrus in geheel of gedeeltelik voor. Die twee briewe toon ook ooreenkomste in woorde en frases wat gebruik word en selfs in die volgorde waarop onderwerpe aan die orde gestel word. Die plek wat "herinnering" in 2 Petrus (1:12-15 en 3:1-2) en in Judas (vers 17) in neem toon merkwaardige ooreenkomste met die herinnering in Judas 17. Albei skrywers toon ook 'n voorkeur vir die aanspreekvorm "Geliefdes". (Vir 'n meer volledige uiteensetting van die ooreenkomste en verskille vergelyk Fornberg (1977:33-59) en Rowston (1971:129-139).)

Hierdie opvallende ooreenkomste bewys dat die twee briewe op een of ander wyse met mekaar verband hou. Die volgende moontlikhede word nou ondersoek: dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het, dat Judas 2 Petrus as bron gebruik het en dat die twee briewe 'n gesamentlike bron gebruik het.

### 5.1.1 Die moontlikheid dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het

Onder eksegete soos Bauckham (1983:141-143), Fornberg (1977:58-59), Frankemölle (1990:82-84), Kahmann (1983:15) en Paulsen (1992:97-100) bestaan eenstemmigheid dat 2 Petrus die brief van Judas as bron gebruik het. Die belangrikste argumente vir die keuse van Judas as bron word nou ondersoek.

\* Die feit dat Judas korter as 2 Petrus is, word as argument aangevoer. Die redenasie is dat dit onwaarskynlik is dat die korter brief (Judas) die langer brief (2 Petrus) as bron sou gebruik, aangesien dit sou beteken dat Judas, met uitsondering van die aanhef en die doksologiese gedeelte, eintlik maar net 'n weergawe van 2 Petrus sou wees. Hierdie argument kan egter nie aanvaar word nie. Op grond van 'n gedagtestruktuurontleding van Judas (vergelyk Breed, 1988:61-67) blyk dit dat die gedeeltes in Judas wat nie met 2 Petrus ooreenstem nie, 'n baie belangrike plek in die brief inneem. Uit die gedagtestruktuur blyk dit dat Judas in vers 20-23, wat nie met 2 Petrus ooreenkom nie, die lesers leer *hoe* daar kragtig vir die oorgelewerde geloof gestry moet word. In vers 20-21 leer Judas die gelowiges hoe hulle vir hulle *eie* geloof moet stry en in vers 22-23 hoe daar vir die mense wat *reeds deur die dwaalleraars meegevoer is*, se geloof gestry moet word. Wanneer in ag geneem word dat Judas hom volgens vers 3 dit ten doel stel om die lesers te motiveer om vir die geloof te stry, is dit duidelik dat hy in die gedeeltes wat nie met 2 Petrus ooreenkom nie, 'n belangrike aspek van hierdie doelstelling bereik, te wete om vir die lesers te sê hoe hulle moet stry. Dit kan daarom nie aanvaar word dat die gedeeltes in Judas wat nie met 2 Petrus ooreenkom nie, onbelangrik is nie. Hierdie gedeeltes vorm juis die kern van die brief. Die feit dat Judas korter is as 2 Petrus dui dus nie noodwendig daarop dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het nie.

\* Kahmann (1983:15) wys daarop dat, volgens Judas, die leer van die valse leraars reeds inslag gevind het by die gemeente terwyl die valse leraars, volgens 2 Petrus, nog in die toekoms lê. Volgens hierdie standpunt gebruik die (pseudo)skrywer van 2 Petrus 'n analeptiese beskrywingsmetode: die gebeure in sy eie tyd herlei hy terug na Petrus se tyd, terwyl die koms van die valse leraars dan as (toekoms)profesie voorgestel word. Reeds in 2.5 is aangetoon dat die

skrywer nie terugverwys na die verlede nie, maar dat hy die begin van die koms van die valse leraars beleef en die volle werklikheid wat volgens die profesie vasstaan, die lesers voor oë stel.

- \* Om aan te toon dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het, word gestel dat Judas krasser is in sy uitsprake oor die valse leraars as 2 Petrus. Die aard van die uitsprake dui daarop dat die skrywer van 2 Petrus later besef het dat 'n sagter aanslag en toonaard as dié wat in Judas gebruik word, noodsaaklik is. Dit is egter nie werklik noodsaaklik dat 'n krasser aanslag altyd 'n sagter aanslag voorafgaan nie. Die skrywer van Judas kon ook, nadat hy beleef het hoe die dwaling ontwikkel het, besef het dat 2 Petrus se aanslag te sag is en derhalwe 'n krasser aanslag nodig geag het.
- \* Die feit dat daar by Judas geen sprake is van twyfel oor die wederkoms nie, terwyl dit in 2 Petrus vermeld word, is vir Kahmann (1983:15) 'n aanduiding dat die skrywer van 2 Petrus Judas as bron gebruik het. Soos in punt 2.3 aangetoon, probeer Petrus nie in sy brief om die twyfel oor die wederkoms besweer nie, maar maak hy dit duidelik dat God wel die ongeregtigheid gaan straf. Die aanname van Kahmann is dus nie legitiem nie.
- \* Kümmel (1972:303) noem dat daar in Judas aanhalings uit buite-Bybelse geskrifte voorkom terwyl 2 Petrus dit weglaat. Judas het dus volgens hom 'n meer naïewe benadering tot hierdie geskrifte terwyl daar 'n verdere ontwikkeling by 2 Petrus is deurdat die skrywer huiwer om die buite-Bybelse stof te gebruik. Hierdie saak kan egter ook anders beredeneer word: moontlik as gevolg van die omstandighede van Judas se lesers en omdat hy 'n ander doelstelling as 2 Petrus het, voeg hy die aanhaling uit Henog by dit wat hy uit 2 Petrus oorneem.

Uit bostaande is dit duidelik dat daar nie onteenseglik aangetoon kan word dat 2 Petrus Judas as bron gebruik het nie.

### **5.1.2. Die moontlikheid dat Judas 2 Petrus as bron gebruik het**

Hoewel verreweg in die minderheid, is daar tog eksegete wat aanvaar dat 2 Petrus as bron vir Judas gedien het. Die hoofargumente wat ter motivering vir hierdie standpunt gegee word, word nou ondersoek.

- \* Bigg (1969:218) stel dat daar goeie rede is om te aanvaar dat Judas 17-18 'n aanhaling van 2 Petrus 3:3 is, aangesien die spesifieke profesie wat Judas in

vers 17 aanhaal, slegs in 2 Petrus aangetref word. Hierdie uitgangspunt is inderdaad 'n sterk argument hoewel dit nog steeds moontlik is dat die skrywer van Judas na die apostoliese oorlewering in die geheel kan verwys en nie spesifiek na 2 Petrus nie.

- \* Wanneer Judas na die valse leraars verwys, gebruik hy die teenwoordige tyd. Dit het reeds duidelik geword dat die valse leraars wat in 2 Petrus vermeld word, nog nie tot volle ontwikkeling gekom het nie (vergelyk punt 2.10). Hierdie verskil tussen 2 Petrus en Judas mag moontlik daarop dui dat Petrus voor Judas geskryf is. Dit bewys egter nie dat Judas 2 Petrus as bron gebruik het nie.
- \* De Ru (1969-1970:9) wys daarop dat Judas veel helderder en duideliker is as 2 Petrus en dat Judas op sigself gelees, verstaan kan word, terwyl 2 Petrus beter verstaan word met inagneming van die gegewens uit Judas. Hierdie siening pleit volgens hom vir die prioriteit van 2 Petrus. 'n Latere skrywer sal tog eerder daarna streef om 'n vroeëre skrywer se onduidelikhede duidelik te maak. Indien een van óf Petrus óf Judas mekaar as bron gebruik het, sou hierdie interpretasie 'n sterk argument wees ten gunste van die prioriteit van 2 Petrus. Die feit is egter dat hierdie argument nie genoegsaam aandui dat Judas spesifiek 2 Petrus gebruik het nie.

Dit is uit bostaande gegewens duidelik dat dit wel moontlik is dat Judas 2 Petrus as bron gebruik het; dit kan egter nie bewys word nie.

### 5.1.3 Die moontlikheid dat 2 Petrus en Judas 'n gesamentlike bron gebruik het

Reicke (1982:148-149) wys die moontlikheid uit dat die skrywers van 2 Petrus en Judas albei 'n "sermonic pattern" gebruik het wat opgestel was om gevaarlike dwalinge teë te staan.

Kelly (1969:226) gee toe dat hierdie moontlikheid baie aantreklik is, maar daar is volgens hom een beswaar daarteen wat dit onaanvaarbaar maak, te wete dat daar bykans geen gegewens in Judas is wat nie in 2 Petrus voorkom nie. Judas het dus bykans al sy stof vanuit hierdie veronderstelde gesamentlike bron verkry. Kelly vra dan hoekom dit enigsins nodig was om die brief te skryf as alles in elk geval in die bron voorgekom het. Daar is egter in punt 5.1.1 aangetoon dat Judas 20-22, wat nie in 2 Petrus voorkom nie, 'n baie belangrike plek in die skrywe inneem. Kelly se beswaar is dus nie geldig nie.

Van Houweling (1988:40-45) het Reicke se hipotese verder uitgebou. Hy toon oortuigend aan dat daar 'n tradisie-patroon van apostoliese onderrig was waarin aspekte soos verkondiging,

waarskuwing, korreksies en illustrasies aan die orde gestel was. Aan hierdie aspekte was volgens hom reekse Ou-Testamentiese voorbeelde aangehaak. Die voorbeelde was vas met betrekking tot die strekking, maar die hantering en die formulering van die voorbeelde kon wissel. Saam met Van Houweling (1988:45) kan dan gekonkludeer word dat sowel Judas as 2 Petrus van die apostoliese tradisie gebruik gemaak het en kan dit in die lig van punt 5.1.2 as 'n sterk moontlikheid gestel word dat Judas, naas die die apostoliese onderrig, ook 2 Petrus as bron gebruik het.

## 5.2 2 Petrus en die Ou Testament

Mayor (1965:lxxxv-viii) stel dat daar baie min verwysings na die Ou Testament in 2 Petrus is. Wanneer 2 Petrus noukeurig ondersoek word, blyk dit egter dat daar baie meer as die vyf keer, soos deur Mayor beweer, na die Ou Testament verwys word. In die volgende verse kan met redelike sekerheid aangeneem word dat Petrus na die Ou Testament verwys: 1:19 (Nm. 24:17), 2:5 (Gn. 7:17), 2:6 (Gn. 19:29), 2:15-6 (Nm. 22:21-35), 2:22 (Spr. 26:11), 3:5 (Gn. 1:1), 3:6 (Gn. 6), 3:8 (Ps. 90:4), 3:10, 12 (Jes. 34:4) en 3:13 (Jes. 65:17).

## 5.3 Ander Joodse skrywers

Abbott (1882:49-63) poog om aan te toon dat 2 Petrus afhanklik was van die inhoud van Josefus en van Philo se geskrifte. Farrar (1882:401-423; 1888:58-69) aanvaar dat Abbott 'n verband tussen die twee geskrifte aangetoon het, maar volgens hom was Josefus afhanklik van gegewens uit 2 Petrus. Bauckham (1983:140) toon egter oortuigend aan dat die ooreenkomste tussen 2 Petrus en die geskrifte van die Joodse skrywers verklaar kan word op grond van die gebruik van dieselfde genre, te wete die testamentgenre en op grond van die feit dat die Hellenistiese Judaïsme die agtergrond van die geskrifte vorm.

## 5.4 2 Petrus en die vier Evangelies

In 2 Petrus word drie keer uitdruklik verwys na sake wat ook in die vier Evangelies verhaal word, te wete die dood van Petrus, die verheerliking van Jesus, en Jesus se waarskuwing oor die wederkoms. Die ooreenkomste en verskille in die verwysings na die verheerliking (2 Pt. 1:16-18, Mt. 17:1-13, Mk. 9:2-13, Lk. 9:28-36) is reeds in punt 2.6.3 in meer besonderhede bespreek, en is opvallende verskille tussen die Evangelies en 2 Petrus ook aangedui. Ondanks hierdie verskille is die ooreenkomste egter so groot dat aangeneem kan word dat na dieselfde gebeure verwys word.

Ook in die wyse waarop daar na Petrus se dood verwys word (1:14), is die ooreenkomste met soortgelyke verwysings in die Johannesevangelie nie van so 'n aard dat daaruit afgelei kan

word dat die een die ander as bron gebruik het nie. Soos Vögtle (1972:301) aangetoon het, word in 2 Petrus 1:14 nie gestel dat die skrywer weet dat sy dood voor hande is omdat Jesus dit aan hom geopenbaar het nie. Die briëfskrywer maak eerstens in vers 14 bekend dat hy weet dat sy sterwe op hande is en tweedens stel hy dat dit wat hy weet, ooreenkom met dit wat Jesus aan hom bekend gemaak het (vergelyk hoofstuk 6 punt 2.5.6.5). In die Johannesevangelie is daar twee gedeeltes wat moontlik verhaal dat Jesus Petrus se dood bekend gemaak het. Volgens Johannes 13:36 maak Jesus aan Petrus bekend dat hy op dieselfde wyse as Jesus sal sterf, te wete deur gekruisig te word (vergelyk Hendriksen, 1976:255 en Tasker, 1977:163-164). Die ooreenkomste tussen 2 Petrus 1:14 en Johannes 13:36 strek egter alleen sover as die feit dat Petrus se dood bekend gemaak is. Ook volgens Johannes 21:18 maak Jesus bekend dat Petrus sal sterwe (Morris, 1975:876). Daar is slegs 'n vae ooreenkoms met die weergawe van Jesus se profesie van Petrus se dood en 2 Petrus 1:14, te wete dat Petrus sal sterf wanneer hy oud is.

Die ooreenkomste tussen die woorde van Jesus oor die dag van die Here wat sal kom soos 'n dief in die nag - soos dit verhaal word in Matteus 24:44 en Lukas 12:40 - en dit wat Petrus in 3:10 stel, is baie opmerklik. Harnisch (1973:84-89, 110-111) beweer egter dat 2 Petrus se weergawe van hierdie stelling nie uit die evangeliese tradisie afkomstig is nie, maar dat Petrus dit gebruik in navolging van Joodse apokaliptiese stof. Hierteenoor toon Bauckham (1983:305) oortuigend aan dat die eskatologiese gebruik van hierdie beeld in die vroeë Christelike literatuur daarop dui dat die κλέπτης-beeld sy oorsprong het in die gelykenis van Jesus. Daar moet egter daarop gelet word dat daar ook 'n duidelike verskil is tussen die woorde van Jesus soos dit in Matteus en Lukas verhaal word en die weergawe daarvan in 2 Petrus 3:10. In die twee evangelies word die κλέπτης vergelyk met die koms van die "Seun van die mens" en in 2 Petrus met die "dag van die Here". Die feit dat 2 Petrus nie die "dief" se koms met Jesus Christus se koms vergelyk nie, kan daaraan toegeskryf word dat die woord "dag" in 2 Petrus 3 'n trefwoord is (vergelyk 3:7, 8, 10, en 12; ook hoofstuk 3 punt 4.1.1), en dat 'n verwysing na die "dag van die Here" meer gepas was as 'n verwysing na die "Seun van die mens".

Naas bogenoemde ooreenkomste wys Bauckham (1983:148) ook nog 'n paar ander moontlike ooreenkomste met die Evangelies uit: 2:20 (Mt. 12:45, Lk. 11:26), 1:16 (Mt. 6:13), 2:21 (Mk. 9:42, 14:21) en 3:4 (Mk. 9:1, 9:13). Ook hierdie moontlike ooreenkomste is van so 'n aard dat dit voorkom of die skrywer nie die Evangelies as bron gebruik het nie. Dit blyk dat die skrywer sy weergawe baseer op die gebeure en die woorde van Jesus wat hy (die briëfskrywer) persoonlik onthou of wat hy van ander evangelie-tradisies verkry...

## 5.6 2 Petrus en 1 Petrus



Boobyer (1959:40-44) toon merkwaardige ooreenkomste tussen 1 en 2 Petrus aan en lei daaruit af dat die skrywer van 2 Petrus 1 Petrus as bron gebruik het. Ook Fornberg (1977:12-13) aanvaar dat daar 'n inhoudelike verband tussen die 2 briewe is en dat die skrywer van 2 Petrus deur 1 Petrus beïnvloed is. Hy noem onder andere die volgende voorbeelde om te illustreer dat die skrywer van 2 Petrus deur 1 Petrus beïnvloed is:

- \* In die beskrywing van die sondvloed en Noag in 2 Petrus 2:5 is die skrywer moontlik deur 1 Petrus 3:20 beïnvloed.
- \* God se geduld word in 1 Petrus 3:20 en in 2 Petrus 3:9 vermeld.
- \* In sowel 1 en 2 Petrus word beklemtoon dat agt persone met die sondvloed gered is.

Hoewel hierdie ooreenkomste tussen die twee briewe duidelik is, is dit nie werklik moontlik om aan te toon dat die skrywer van 2 Petrus 1 Petrus as bron gebruik het nie en is dit eerder moontlik dat dit een skrywer is wat dieselfde sake in verskillende kontekste aan die orde stel.

### **5.7 2 Petrus en die Petrus Apokalips en die Handeling van Petrus**

Bigg (1969:207-209) en Mayor (1965:cxix-iv) wys daarop dat daar duidelike ooreenkomste is tussen die Apokalips van Petrus en 2 Petrus. Hulle toon egter ook aan dat 2 Petrus nie die Apokalips van Petrus as bron gebruik het nie, maar dat 2 Petrus as bron vir die Apokalips van Petrus gedien het (vergelyk ook Bauckham, 1983:149 en Hiebert, 1989:5)

Van Houweling (1988:47-48) bevind dat daar ook duidelike ooreenkomste bestaan tussen 2 Petrus en die Handeling van Petrus. Die ooreenkomste bestaan byvoorbeeld in die gebruik van die woorde "die weg", die "heilige berg" en dat ook in die Handeling van Petrus oor die "sien van Christus" geskryf word. Uit Van Houweling (1988:48) se studie oor hierdie saak blyk dit dat die Handeling van Petrus nie as bron vir 2 Petrus gedien het nie, maar dat die skrywer van die Handeling van Petrus van 2 Petrus gebruik gemaak het.

## **6. Die ontstaansdatum van 2 Petrus**

Uit die voorafgaande studie blyk 'n aantal gegewens wat 'n aanduiding kan gee van die moontlike ontstaansdatum van 2 Petrus. Hierdie gegewens word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

### **6.1 Die dood van die apostel Petrus**

Aangesien aanvaar is dat 2 Petrus deur die apostel Petrus geskryf is, en aangesien hy uitdruklik in die geskrif stel dat sy dood voor hande is (1:14), kan aanvaar word dat die brief kort voor sy dood geskryf is. Volgens kerklike tradisie is Petrus tydens die vervolging deur

keiser Nero (64-68n.C.) doodgemaak (Du Plessis & Lategan, 1983:41; Duvenage, 1976:116-117; Hiebert, 1989:22). Van Houweling (1988:13-14) toon aan dat Petrus tussen 67-68 na Christus gesterf het.

Wanneer die datum van die apostel Petrus se dood dus in ag geneem word, blyk dit dat 2 Petrus tussen 67 en 68 na Christus geskryf is.

## **6.2 Die ontstaan van 1 Petrus**

Dit blyk dat 2 Petrus as opvolgbrief van 1 Petrus beskou moet word. Indien saam met Coetzee (1984:23), Groenewald (1977:11) en Stibbs (1978:67) aanvaar word dat 1 Petrus ongeveer 64 n.C. ontstaan het, gee dit 'n aanduiding dat 2 Petrus ná hierdie datum geskryf is.

## **6.3 Die gebruik van 2 Petrus as bron**

Op grond van die feit dat sekere geskrifte 2 Petrus as bron gebruik het, kan nie veel afgelei word van wanneer die brief geskryf is nie. Indien aanvaar word dat Judas Petrus as bron gebruik het en dat Judas deur die halfbroer van Jesus geskryf is, is die uiterste grens vir die ontstaan van Judas 80 n.C. en moes 2 Petrus voor 80 n.C. ontstaan het. Die Apokalips van Petrus word deur Bauckham (1983:157) op 110-140 n.C. gestel en die Handeling van Petrus op 180 n.C. - daterings wat nie werklik 'n aanduiding gee van die ontstaan van 2 Petrus nie.

# **7. Gevolgtrekkings**

## **7.1 Die aard van die brief**

2 Petrus behoort tot sowel die brief- as die testamentgenre. Die skrywer het in 1:3-11 gebruik gemaak van die vaste Joodse homiletiese patroon wat in die Joodse en vroeg-Christelike literatuur voorkom.

In die bepaling van 'n gedagtestruktuur en die bestudering van die kenmotief in 2 Petrus, sal dus daarmee rekening gehou moet word dat 2 Petrus 'n ware brief is, tot die testamentgenre behoort en dat die skrywer van die brief 1:3-11 die vaste Joodse homiletiese patroon wat in vroeg-Christelike literatuur voorkom, gevolg het.

## **7.2 Die skrywer**

Hoewel daar baie besware teen Petrus se outeurskap van 2 Petrus ingebring word, word nie oortuigend aangetoon dat 2 Petrus nie deur Petrus geskryf is nie. Uit die gegewens wat in hierdie studie bestudeer is, kan aanvaar word dat die brief deur die apostel Petrus geskryf is.

In die bestudering van die kenmotief in die brief sal dus daarmee rekening gehou moet word dat 2 Petrus nie die werk van 'n pseudoskrywer is nie, en dat die hantering van die kenmotief in die brief dus met reg vergelyk kan word met tiperende Petriniese stof.

### **7.3 Die sosio-kulturele omstandighede van die lesers**

In die bestudering van die kenmotief sal ook rekening gehou moet word met die volgende gegewens aangaande die sosio-kulturele omstandighede van die lesers:

- 7.3.1 Die lesers was mense wat onder druk was om 'n ander leer as dié wat die apostels verkondig het, na te volg.
- 7.3.2 Die lesers was Christene uit sowel die Jodendom as die heidendom.
- 7.3.3 2 Petrus se geadresseerdes het in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië gewoon.
- 7.3.4 In die gebiede waar die lesers gewoon het, het hulle 'n vorm van politieke en sosiale voorregte geniet, maar hulle was nie as volle burgers gereken nie.
- 7.3.5 Dit is waarskynlik dat die lesers in die stede van hierdie provinsies gewoon het en dat hulle onderworpe was aan Hellenistiese invloede.

### **7.4 Die valse leraars en spotters wat Petrus bestry**

Ten opsigte van hierdie aspek kan die volgende samevattende gegewens gestel word:

- 7.4.1 Die valse leraars en die spotters wat in 2 Petrus vermeld word, is dieselfde mense.
- 7.4.2 Die valse leraars was reeds aktief in die midde van die geadresseerdes aan die werk toe Petrus die brief geskryf het, maar hulle aktiwiteite het nog nie tot volle ontplooiing gekom nie.
- 7.4.3 Die valse leraars het 'n spesifieke leer voorgestaan. Volgens hierdie leer het hulle verkondig dat daar geen goddelike inmenging in die geskiedenis is nie en dat die mens dus die vryheid het om ongebonde te lewe sonder vrees vir goddelike oordeel. Hierdie leer van die valse leraars het direk met die apostoliese leer gebots. Die valse leraars het Paulus se briewe as basis gebruik in hulle argumentering.
- 7.4.4 Die valse leraars was nie gnostici of politieke leiers wat verdeeldheid probeer bewerk het nie.
- 7.4.5 Daar was 'n gevaar dat die leraars groot steun in die gemeente kon ontvang. Dit was veral die mense wat nie standvastig in die geloof was nie, wat kwesbaar was vir die valse leraars se verleiding.

## 7.5 2 Petrus en ander geskrifte

- 7.5.1 Die skrywer van 2 Petrus het, hoewel hy nooit die Ou Testament direk aanhaal nie, in 'n groot mate van die Ou Testament as bron gebruik gemaak. Die gedeeltes in die Ou Testament waarna die skrywer verwys, sou van nut kan wees vir die verstaan van 2 Petrus.
- 7.5.2 Petrus het, soos Judas, vaste tradisiestof van apostoliese onderrig gebruik in die samestelling van 2 Petrus. By die bestudering van gedeeltes wat met Judas ooreenkom, sal dit in ag geneem moet word dat Petrus van tradisiestof gebruik gemaak het.
- 7.5.3 2 Petrus het waarskynlik as bron vir Judas gedien en, waar van toepassing, sou Judas se gebruik van 2 Petrus lig kon werp op die wyse waarop Petrus verstaan kan word. Omdat nie bewys kan word dat Judas wel 2 Petrus as bron gebruik het nie, sou enige resultate wat hierop gegrond is, egter onseker wees.
- 7.5.4 Die ooreenkomste tussen 2 Petrus en die Evangelies kan verklaar word op grond van die feit dat Petrus die ooreenstemmende gebeure in die Evangelies en 2 Petrus uit sy geheue verwoord. Waar die Evangelies en 2 Petrus na dieselfde historiese gebeure verwys, sou die Evangelies, met inagneming van die feit dat elk die gebeure in eie konteks met 'n eie doel voor oë verwoord, tot hulp kan wees vir die verstaan van 2 Petrus.
- 7.5.5 Die ooreenkomste tussen 1 en 2 Petrus kan verklaar word op grond van die feit dat albei briewe deur dieselfde skrywer geskryf is. Daar behoort in gedagte gehou te word dat die gedeeltes in 1 Petrus wat met 2 Petrus ooreenkom, moontlik lig kan werp op 2 Petrus.
- 7.5.6 Die feit dat ooreenkomste tussen 2 Petrus en ander Joodse skrywers aangetoon kan word, kan daaraan toegeskryf word dat dieselfde genres deur die skrywers gebruik is. Die geskrifte van Philo en Josefus kan egter nuttige inligting verskaf in die definiëring van betekenis waarvoor tersaaklike Griekse woorde gebruik word.
- 7.5.7 Die Petrus Apokalips en die Handeling van Petrus het Petrus as bron gebruik en die twee geskrifte sou moontlik van hulp kan wees in die definiëring van betekenis waarvoor sekere Griekse woorde aangewend word.

## 7.6 Die ontstaansdatum van 2 Petrus

Uit bostaande gegewens kan aanvaar word dat 2 Petrus tussen 68 en 69 n.C. geskryf is. Daar sal dus in die bestudering van die kenmotief rekening gehou moet word met die kultuurhistoriese situasie van tussen 60-70 n.C.